# 1 Korinthiërs 11:2-16
# 'n Hermeneuties-Eksegetiese Studie

*Werkstuk voorgelê in die vierde studiejaar*
*vir die graad Theologiae Baccalaureus in die Fakulteit*
*Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit*
*vir Christelike Hoër Onderwys*

*deur*

*Gert Jacobus van Wyk*

*Studieleier: Prof. dr. L Floor*

*Potchefstroom 1980*

**NOTA:** In die teks dui [xx] die oorspronklike bladsynommers aan.

# INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK1: INLEIDING ........ 4**
1.1 Aktualiteit ........ 4
1.2 Probleemstelling ........ 4
1.3 Doelstelling ........ 5

**HOOFSTUK 2: HERMENEUTIEK ........ 6**
2.1 Begripsontleding ........ 6
2.2 Teologiese Hermeneutiek ........ 6
2.3 Hermeneutiek en Eksegese ........ 6
2.3.1 "Eksegese" in enger sin ........ 7
2.3.2 Hermeneuse ........ 7
2.4 Hermeneutiese voorveronderstellings ........ 7
2.4.1 Die Goddelike karakter van die Heilige Skrif ........ 7
2.4.1.1 God self spreek ........ 7
2.4.1.2 Die Heilige Gees as Inspirator ........ 7
2.4.1.3 Die Heilige Gees as Eksegeet ........ 8
2.4.2 Die Deursigtigheid (perspicuitas) van die Heilige Skrif ........ 8
2.4.3 Die plek van die eksegeet ........ 9
2.4.3.1 Dienskneg of "middelaar" ........ 9
2.4.3.2 Die eksegeet, gebed en die verligting van die Gees ........ 9
2.4.4 Die vryheid van die eksegese ........ 9
2.4.5 Die Skopus van die Heilige Skrif ........ 10
2.5 Metodologiese uitgangspunte ........ 10
2.5.1 Die historiese element van die Openbaring ........ 10
2.5.2 Grammaties-literêre eksegese ........ 10
2.5.3 Teologiese eksegese ........ 11
2.5.4 Skrif met Skrif vergelyking ........ 11
2.5.5 Eenheid en verskeidenheid ........ 12
2.5.6 Die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament ........ 12
2.5.7 Die historiese en normatiewe gesag van die Skrif ........ 12
2.5.8 Die tydgerigtheid van die Heilige Skrif ........ 13

**HOOFSTUK 3: INLEIDING EN AGTERGROND BY DIE EERSTE KORINTHIËR-BRIEF ........ 14**
3.1 Skrywer ........ 14
3.2 Geadresseerdes ........ 14
3.3 Stigting van die gemeente ........ 14
3.4 Die stad Korinthe ........ 15
3.5 Plek van ontstaan en datering ........ 15
3.6 Aanleiding ........ 15
3.6.1 Die eerste Korinthiërbrief ........ 15
3.6.2 1 Kor. 11:2-16 ........ 15
3.7 Eenheid en eie-aard ........ 16
3.8 Tema ........ 16
3.9 Kursoriese struktuuranalise van die eerste Korinthiërbrief ........ 16
3.10 Struktuuranalise van 1 Kor. 11:2-16 ........ 18

**[25] HOOFSTUK 4: GODDELIKE OORLEWERING ........ 19**

**HOOFSTUK 4: GODDELIKE OORLEWERING ........ 20**
4.1 Paulus – 'n geroepe APOSTEL van Jesus Christus ........ 20
4.2 Die oorlewering (paradósis) ........ 20
4.3 "Ek wil hê dat julle moet weet" ........ 21

**HOOFSTUK 5: DIE UITGANGSPUNT OF KERN VAN HIERDIE PERIKOOP ........ 22**
5.1 Die hoofbedekking? ........ 22
5.2 Drie relasies ........ 22

5.3 Die verhouding man-vrou ..... 23
5.3.1 Christus is die Hoof van ELKE MAN..... 23
5.3.2 Die man is hoof van die vrou of sy eie vrou..... 24
5.3.3 Die woord vrou dui op die getroudes en voornemende getroudes..... 25
5.3.4 Slotsom ..... 26

**HOOFSTUK 6: TOEPASSING VAN DIE UITGANGSPUNT..... 27**
6.1 Elke man, elke vrou, biddende of profeterende..... 27
6.1.1 Biddende..... 27
6.1.2 Profeterende ..... 27
6.1.3 Openbare byeenkoms of private byeenkoms ..... 27
6.1.4 Bid of profeteer – net sekere mans en sekere vroue?..... 27
6.1.5 Slotsom ..... 27
6.2 Met bedekte hoof, met onbedekte hoof..... 28
6.2.1 Die hare as 'n bedekking ..... 28
6.2.2 'n Vreemde voorwerp naas die hare op die hoof van die vrou. ..... 28
6.2.3 Slotsom ..... 28
6.3 Die hoofbedekking- 'n eie Christelike voorskrif?..... 28
6.3.1 Die gebruik by die Jode ..... 29
6.3.1.1 In die openbaar ..... 29
6.3.1.2 In die Joodse erediens ..... 29
6.3.1.3 Slotsom ..... 29
6.3.2 Die gebruik by die Grieke ..... 30
6.3.2.1 In die openbaar ..... 30
6.3.2.2 In die "erediens" ..... 30
6.3.2.3 Slotsom ..... 30
6.3.3 'n Eie Christelike voorskrif of praktyk..... 31
6.4 'n Man met hoofbedekking onteer sy hoof. 'n Vrou sonder hoofbedekking onteer haar hoof..... 32
6.5 Onbedekte hoof en geskeerde hoof ..... 34

**HOOFSTUK 7: SUPREMASIE EN SUBORDINASIE ..... 36**
7.1. Skematiese voorstelling van verse 7-10 ..... 37
7.2 Die man MOET NIE, die vrou MOET WEL ..... 38
7.2.1 Beeld en heerlikheid van God..... 38
7.2.2 Heerlikheid van die man ..... 38
7.2.3 Supremasie en subordinasie – 'n verdere verduideliking ..... 38
7.2.3.1 Eerste fundering..... 39
7.2.3.2 Tweede fundering ..... 39

**HOOFSTUK 8: DAAROM MOET DIE VROU 'N GESAG OP DIE HOOF HÊ..... 41**

**HOOFSTUK 9: TER WILLE VAN DIE ENGELE ..... 43**

**HOOFSTUK10: SKEPPING EN HERSKEPPING ..... 44**
10.1 In die Here..... 44
10.2 Uit God..... 44

**HOOFSTUK 11: EIEWILLIG OF OORDEELKUNDIG? ..... 46**

**HOOFSTUK 12: DIE NATUUR AS LEERMEESTER..... 47**

**HOOFSTUK 13: DIE GEWOONTE OM TE TWIS..... 48**

**HOOFSTUK 14: KONKLUDERENDE OPMERKINGS ..... 49**

**BIBLIOGRAFIE..... 50**

# HOOFSTUK1: INLEIDING

## 1.1 Aktualiteit

Skrifverklaarders oor die wêreld, ook in Suid-Afrika, in die besonder in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, se weë gaan uiteen oor die interpretasie van hierdie gedeelte. Kerkrade van genoemde Kerk neem besluite oor hierdie gedeelte, maar dit verskil van gemeente tot gemeente.

Daar word hoofsaaklik twee verklarings (standpunte) gebied:

Enersyds word aangevoer dat 1 Kor. 11:2-6 'n voorskrif gee vir die Kerk van alle tye, met ander woorde 'n universele voorskrif. Dit hou in dat die man geen hoofbedekking moet dra in die erediens, terwyl die vrou dit wel moet doen. Diesulkes beroep hulle op die letterlike teks van die Heilige Skrif. Hulle is oortuig dat hulle op hierdie wyse reg laat geskied aan dié gedeelte en dit Bybelgetrou verstaan. Op grond hiervan het sekere kerkrade besluit dat vroue wel met 'n hoofbedekking in die erediens moet verskyn.

Andersyds word aangevoer dat die saak van die hoofbedekking wel in 1 Kor. 11 vermeld word, maar eintlik op die periferie lê. Dit is nie die hoofsaak van hierdie gedeelte nie. Hierdie bepaalde voorskrif van die apostel Paulus het te doen SLEGS met 'n bepaalde kerk (dié in Korinthe), in 'n bepaalde kultuur-historiese situasie. Dit word dan 'n tydgebonde of tydgerigte uitspraak genoem. Op grond hiervan besluit sekere kerkrade dat 'n vrou dus nie meer gebonde is, om 'n hoofbedekking in die erediens te dra nie. Daar word aangevoer dat ons veel dieper moet delf in dié verband. Die gedeelte moet nie verskraal of beperk word tot 'n bloot uiterlike aangeleentheid nie.

Sommige lidmate neem egter uit die hoogte kennis van die verdeeldheid onder skrifverklaarders. Diesulkes beskou besinning oor 1 Korinthiërs 11 as 'n beuselagtigheid. Daar sou belangriker sake wees waarmee die kerk van Christus haar kan besig hou.

Die referent is oortuig dat die houding van laasgenoemde by voorbaat onskriftuurlik is en nie reg laat geskied aan die Heilige Skrif nie. Elke skrifverklaarder en elke gelowige moet met die nodige eerbied omgaan met die Skrif. Welke verklaring ook al onderskryf word, die gesagvolle spreke van God deur die Heilige Skrif mag nooit geminag of onderskat word nie.

## 1.2 Probleemstelling

Die vraag wat ontstaan, is: Hoe is dit moontlik dat Gereformeerde skrifverklaarders binne een kerkverband, selfs binne een gemeente, hierdie gedeelte verskillend kan interpreteer? Leen die Heilige Skrif hom daartoe? Dit is duidelik dat op grond [2] van noukeurige eksegese onder leiding van die Heilige Gees 'n "keuse" gemaak moet word.

In die eksegese van dié gedeelte moet uitgemaak word:

1.2.1 Gebied God in die Heilige Skrif dat die vroue (alle of net sekeres), vandag nog, in die twintigste eeu 'n hoofbedekking moet dra in die erediens, terwyl 'n man dit nie moet doen nie? Indien die antwoord hierop bevestigend is, mag geen kerkraad die vryheid laat vir die betrokke vroue om met onbedekte hoofde in die erediens te verskyn nie.

**Implikasie:**

Wie dan sê dat die Skrif nie sodanige saak gebied nie, doen die Skrif geweld aan en is tugwaardig. Dit raak die betroubaarheid en gesag van die Skrif. Dit is die een kant van die saak.

1.2.2 Indien God nie meer sodanige voorskrif gebied nie, dan mag geen skrifverklaarders sê: Die vroue moet vandag nog die hoof bedek in die erediens nie. Geen kerkraad mag dan die gewetens van die gelowiges bind deur sodanige besluit nie.

**Implikasie:**

Wie meer sê as wat die Heilige Gees wil sê, tas ook die gesag en betroubaarheid van die Skrif aan. Dit baan die weg vir en is niks anders as 'n oop kanonbeskouing nie.

1.2.3 Samevattend

Die skrifverklaarder mag nie MINDER sê as wat God die Heilige Gees aan sy kerk wil sê nie. Hy mag ook nie MEER sê as wat God deur sy Gees wil sê nie. Hy mag net sê wat God deur sy Gees wil sê, dit is: "So sê die Here HERE".

## *1.3 Doelstelling*

Die referent wil biddend luister na God die Heilige Gees ten einde te kan sê: "So sê die Here HERE". Die referent is bewus daarvan dat hierdie gedeelte baie omstrede en ingewikkeld is. Daar word nie gepoog om die laaste of enigste antwoord op hierdie ingewikkelde problematiek te bied nie.

1.3.1 Daar word gepoog om die Skrif te verklaar met 'n bepaalde doel voor oë:

- 1.3.1.1 Die eer van God. [3]
- 1.3.1.2 Die opbou van die gemeente van Christus.

1.3.2 Sover moontlik bied die referent 'n uiteensetting aangaande die volle twee vrae:

- 1.3.2.1 Wat openbaar God in hierdie gedeelte aan die Kerk in Korinthe in die eerste eeu na Christus?
- 1.3.2.2 Wat openbaar God in hierdie gedeelte aan sy Kerk, vandag in die twintigste eeu?

Dit raak die hermeneutiese probleem van die tydgerigtheid en die universaliteit (geldig vir alle tye) van die Heilige Skrif.

1.3.3 Hierdie werkstuk val uiteen in twee dele

- 1.3.3.1 'n Prinsipiële deel (Hermeneutiek)
- 1.3.3.2 'n Praktiese deel (Eksegese en hermeneuse). [4]

# HOOFSTUK 2: HERMENEUTIEK

## *2.1 Begripsontleding*

Die woord hermeneutiek is afgelei van die Griekse woord **hērmeneuein**. Hierdie woord het 'n hele aantal betekenisse, maar vanaf die vroegste tye staan dit in verband met die vertolking of verheldering van die onheldere, misterieuse boodskappe van die gode (Groenewald, 1969, p.2).

Die woord het aldus Behm (1964, p. 661) die betekenis van verklaar of interpreteer.

Greijdanus (1946, p. 5) sluit hierby aan as hy beweer dat die begrip hermeneutiek twee gedagtes uitdruk:

- die van vertaal of vertolk,
- die van verklaar of uiteensit.

Hermeneutiek kan die teorie van die "eksegese" (lg. in die algemeen) genoem word. Dit sit uiteen hoe te werk gegaan moet word by die verklaring van iemand se gesproke of geskrewe woorde om laasgenoemde reg te verstaan (Greijdanus, p. 6).

Hermeneutiek is 'n wetenskaplike dissipline wat die beginsels en reëls vir die praktiese eksegese teoreties ondersoek, toets en vasstel. Dié wetenskap hou hom dus besig met die sistematiese bestudering van die beginsels en metodes van skrifverklaring en lê die basiese reëls daarvoor neer (Coetzee, De Klerk, Floor, 1980, p. 12).

Hierdie dissipline is 'n hulpmiddel vir die eksegese. Laasgenoemde is die doel, terwyl eersgenoemde die weg wys ten einde die eksegese tot sy reg te laat kom (Greijdanus, p. 6).

**Slotsom**

Hermeneutiek is 'n teoretiese wetenskap diensbaar aan die praktiese eksegese. Dit lê die beginsels en reëls vir die praktiese eksegese neer.

## *2.2 Teologiese Hermeneutiek*

In die teenswoordige tyd word die woord hermeneutiek gebruik vir die wetenskap wat die reëls neerlê waarvolgens alle of bepaalde geskrifte kan en behoort uitgelê [5] te word (Grosheide, 1929, p. 1). Soms word die woord in komprehensiewe sin gebruik vir die totale proses van verstaan van die hele werklikheid. Laasgenoemde moontlikheid is in hierdie verband uitgesluit

Ten opsigte van eersgenoemde gebruik, word onderskei tussen Algemene en Besondere Hermeneutiek. Algemene Hermeneutiek het te doen met die prinsipes wat neergelê word vir die interpretasie van geskrifte in die algemeen. Besondere Hermeneutiek fokus op die verstaan van 'n spesifieke soort literatuur, boek of boeke. Teologiese of Bybelse Hermeneutiek val op laasgenoemde terrein.

Teologiese Hermeneutiek is egter nie identies met die Besondere Hermeneutiek nie. Dit ondergaan 'n verdere verbesondering. Die eie aard en unieke karakter van die Heilige Skrif bring mee dat sy verklaring 'n eie aard sal hê. (Coetzee, e.a. 1980, p. 12; Christian Reformed Church, 1978, p. 487 e.v.; Ridderbos, J. 1935, p. 381).

**Slotsom**

'n Eie Teologiese Hermeneutiek is absoluut noodsaaklik ten einde die besondere karakter van die Heilige Skrif – naamlik 'n Goddelike Boek, geïnspireer deur die Heilige Gees, deur middel van mense, aan mense – tot sy reg te laat kom.

## *2.3 Hermeneutiek en Eksegese*

Eksegese het te doen met die praktyk van uitlegkunde of skrifverklaring. 'n Gesonde hermeneutiek is noodsaaklik vir korrekte eksegese en beskerm die eksegeet teen willekeur

en inkonsekwensie (Coetzee e.a. 1980 p. 12). Die eksegeet moet steeds waak teen inlegkunde (d.i. "minder sê" of "meer sê").

In die eksegetiese arbeid kan twee stadia onderskei word:

### 2.3.1 "Eksegese" in enger sin

Dit is die proses van verstaan, waarbinne vasgestel word wat die skrywer oorspronklik vir sy lesers gesê het en wou sê.

### 2.3.2 Hermeneuse

Dit volg op eksegese in enger sin. Die oorspronklike bedoeling van die teks moet oorgebring word op die konkrete werklikheid van vandag, Dit raak dus die vraag: Wat openbaar God deur sy geskrewe Woord vandag aan ons in ons situasie? (Coetzee, e.a. 1980, p. 12). [6]

**Slotsom**

Hermeneutiek en eksegese is noodsaaklik sodat die Heilige Skrif verklaar, uitgelê en ontsluit kan word, om na sy wesentlike en diepe sin, asook ryke inhoud gesien en verstaan te word. (Greijdanus, p. 20).

## *2.4 Hermeneutiese voorveronderstellings*

Geen eksegeet is onbevooroordeeld nie. Jou skrifbeskouing bepaal jou wyse van skrifverklaring. Om te wil beweer dat 'n skrifverklaarder sonder voorveronderstellings na die Skrif kan gaan, is onmoontlik. "Geen eksegeet kan dus sonder voorveronderstellings na die Skrif gaan nie. Die objektiefste eksegeet is dié eksegeet wat hom duidelik vergewis het van sy voorveronderstellings en terdeë daarmee rekening hou". (Coetzee e.a. 1980 p. 13).

Die referent is oortuig dat die volgende hermeneutiese voorveronderstellings by die verklaring van die Heilige Skrif voortdurend in gedagte gehou moet word:

2.4.1 Die Goddelike karakter van die Heilige Skrif.

- 2.4.1.1 God self spreek.
- 2.4.1.2 Die Heilige Gees as Inspirator.
- 2.4.1.3 Die Heilige Gees as Eksegeet.

2.4.2 Die deursigtigheid (perspicuitas) van die Heilige Skrif.

2.4.3 Die plek van die eksegeet.

- 2.4.3.1 Dienskneg of "middelaar".
- 2.4.3.2 Die eksegeet, gebed en die verligting van die Gees.

2.4.4 Die vryheid van die eksegese.

2.4.5 Die skopus van die Heilige Skrif.

### 2.4.1 Die Goddelike karakter van die Heilige Skrif

#### 2.4.1.1 God self spreek

Om aan die Heilige Skrif reg te laat geskied moet die Goddelike karakter ALTYD in gedagte gehou word. Dit is God self wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek. Die openbaring van God mag nooit [7] losgemaak word van God self nie (Kraus, 1977, p. 9). In hierdie Geskrif het ons nie te doen met ervaring van mense of tekste oor God nie, maar met Heilige en Goddelike Geskrifte. (art. 3 N.G.B.) Dit is primêr God wat spreek deur die diens van mense (Greijdanus, p. 7).

#### 2.4.1.2 Die Heilige Gees as Inspirator

Die Skrif is geïnspireer deur God die Heilige Gees. 2 Tim. 3:16 betuig aan ons: "Die hele Skrif is deur God INGEGEE ..." (Theopneustos). 2 Petr. 1:21 betuig dat die Bybelskrywers

"deur die Gees gedrywe ..." (hupo pneumatos hagiou feromenoi) is.

Op grond van die vooraf gaande bely art. 3 van die N.G.B. dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek.

#### 2.4.1.3 Die Heilige Gees as Eksegeet

Wie bely dat die Heilige Gees die Inspirator is, kan nie anders nie as om ook te bely dat die Gees die eintlike en onmisbare Eksegeet van die Skrif is. Dié Bybelskrywer is ook dié Bybelverklaarder (Coetzee e.a. 1980, p. 21). Hierdie voorveronderstelling berus op die volgende uitsprake in die Skrif:

"... die Trooster, die Heilige Gees ... Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh. 14:25-26).

"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig". (Joh. 16:13; vergelyk ook 1 Kor. 2:10-16).

Calvyn het besondere klem op hierdie hermeneutiese uitgangspunt gelê. Sonder die verligting van die Heilige Gees kan die geheimenisse van God nie verstaan word nie. Die Heilige Skrif kan alleen reg verstaan word en gelowig aanvaar word deur die bevestiging en innerlike getuienis van die Heilige Gees. God alleen is in die Skrif en in ons harte die enigste genoegsame getuie vir Homself. So word die geloof in die Bybel en die suiwer interpretasie van die Bybel bepaal deur God wat spreek deur sy Gees – in die Woord en in die hart van die mens (Kraus, p. 9).

[8] Saam met Du Toit (1970, p. 93 e.v.) wil ons dit uitroep dat die Heilige Gees die groot en beslissende hermeneutiese faktor is! "Hy wat in die Bybelskrywer werksaam was, wil ook in die Bybelverklaarder werksaam wees. Daarom is die Heilige Gees die Eksegeet sonder gelyke".

In die proses van die verstaan van die Heilige Skrif tree die Heilige Gees dus op as die eintlike Skrifverklaarder (Coetzee, e.a. 1980, p. 21; vergelyk ook Grosheide, p. 40; Snyman, 1977, p. 157).

### 2.4.2 Die Deursigtigheid (perspicuitas) van die Heilige Skrif

Die Rooms Katolieke Kerk leer die duisterheid van die Skrif. Elkeen wat tot die regte verstaan van die Skrif wil kom, is volgens Rome afhanklik van die uitlegging deur die kerk. Hieronder word dan die uitlegging deur die kerkdienare en in die laaste instansie dié deur die pous verstaan.

Hierteenoor het die Reformasie die deursigtigheid, helderheid of duidelikheid van die Skrif bely. Hiermee word nie voorgegee dat alles in die Skrif, sonder uitlegging, vir elkeen sonder meer duidelik is nie (Greijdanus, p. 22).

Die eksegeet behoort egter nie van die problematiese van die Skrif uit te gaan nie, maar wel van die aksiomatiese. "Geen skrywer van enige werk, wat normaal is(!) skryf om nie verstaan te word nie". Hoeveel te meer is dit nie van toepassing op die Bybelskrywers nie. Laasgenoemde het onder inspirasie van die Heilige Gees, die goddelike openbaring oorgedra, met die doel om verstaan te word (Coetzee e.a., 1980 p. 16).

Teenoor Rome word bely dat die weg tot saligheid helder en duidelik in die Skrif geleer word. Die weg tot saligheid word só helder en eenvoudig openbaar, dat elke gelowige wat die Skrif heilbegerig en biddende ondersoek, die weg tot saligheid daarin kan vind. Niemand is dus **in hierdie opsig,** vir sy ewige saligheid afhanklik van enige ander mens of kerkdienaar nie (Greijdanus, p. 22 e.v.)

### 2.4.3 Die plek van die eksegeet

#### 2.4.3.1 Dienskneg of "middelaar"

Die deursigtigheid van die Skrif, asook die Goddelike karakter van die Skrif, baken die werk of plek van die eksegeet af. Aangesien die Skrif sy eie uitlegger is en vir homself spreek, mag geen mens, in besonder 'n kerklike dienaar, as "middelaar" tussen die gelowige en die Skrif gaan staan nie (Coetzee e.a., 1980 p. 16).

[9] Die eksegeet mag nooit die gelowige sy reg ontneem om persoonlik met die Skrif om te gaan nie. Die eksegeet is nie 'n onmisbare "middelaar" tussen God en die gelowige nie. Die skrifverklaarder bly altyd dienskneg. Sy taak is om groter duidelikheid en opheldering te bring by die verstaan van die Skrif.

#### 2.4.3.2 Die eksegeet, gebed en die verligting van die Gees

Die eksegeet staan in die amp van die gelowige. Soos enige ander gelowige moet hy biddende te werk gaan. Sonder gebedworsteling kan geen eksegeet tot die **ware** verstaan van die Skrif kom nie. Daar moet voortdurend gebid word om die leiding van God die Heilige Gees. Buite Hom om is alle eksegetiese arbeid tevergeefs. Indien die eksegeet sy plek ken en weet dat die Heilige Gees die eintlike eksegeet is, sal hy altyd kinderlik-afhanklik luister na die leiding van die Gees.

Die eksegeet moet hom volkome aan die Skrif onderwerp en daarteen waak dat hy nie sy eie mening opdring aan die Skrif nie. Hy moet steeds bereid wees om sy eie siening prys te gee (dit waarmee hy na die teks gaan) en onvoorwaardelik te luister (Grosheide, p. 18).

### 2.4.4 Die vryheid van die eksegese

Dit raak die verhouding van die Skrifverklaarder tot die belydenis. Die eksegeet is volgens Snyman (p. 159) prinsipieel vry. Daar mag niks tussen hom en die Woord van God wat hy uitlê, kom nie. Tog moet daar ernstig rekening gehou word met die belydenis as getuienis van die eeue. Kraus (p. 10) haal Calvyn aan, wat in dié verband opmerk dat die eksegeet nie die eerste persoon is wat met die Skrif omgaan nie. Daarom moet daar geluister word na die eksegese van die kerk soos vasgelê in die belydenis.

Hiermee word die vryheid van die eksegeet nie misken nie. Daar word slegs erken wat God deur ander tot stand gebring het. Die konfessie wil 'n gesaghebbende verklaring van die Skrif wees met die volle verantwoordelikheid daaraan verbonde. (Snyman, p. 159).

Coetzee e.a. (1980, p. 22) waarsku tereg teen twee teenstrydighede: Dat die belydenisskrifte die FINALE maatstaf sou wees vir die eksegeet/hermeneut. Dit kan tog nie. Dit lê juis die vryheid van die eksegese aan bande. Dan bind ons die Skrif aan die belydenis in plaas daarvan dat die belydenis (dieselfde sê) aan die Skrif gebind word.

[10] Sodanige standpunt lei tot dogmatiese eksegese (Snyman, p. 160). Dan word die kerk, of liewer die eksegese van die kerk deur die eeue, die waghond oor die eksegese (Grosheide, p. 59). Die Heilige Gees het die kerk en sy eksegese van die Skrif (dit is die belydenis) nie onfeilbaar gelei soos Hy die Bybelskrywers gelei het nie. Die belydenis is nie die norma normans, – die finale reël vir ons lewe en so ook vir die eksegese nie. Dit bly altyd die norma normata – die aan die Skrif gemete norm (Greijdanus, p. 142).

- Dat die belydenis as nie ter sake opsy geskuif kan word, ten einde "objektief", dit is, volkome vry en uitgangspuntloos, te kan eksegetiseer. Dit is nie moontlik om sonder enige voorveronderstellings na die Skrif te gaan nie. Hierdie benadering kom neer op 'n miskenning van die leiding van die Gees van die kerk deur die eeue.

Coetzee e.a. (p. 21) merk tereg op dat die Drie Formuliere van Eenheid bindend is vir elke lidmaat van die Gereformeerde Kerk en vir elke kerklike vergadering, OMDAT die belydenis

in ooreenstemming is met die Woord van God. Vir die Gereformeerde eksegeet is die belydenisskrifte sy vertrekpunt en begeleider in die eksegetiese arbeid (Coetzee e.a. 1980 p. 22).

Die vraag ontstaan of daar in die lig van die voorafgaande nog gepraat kan word van die vryheid van die eksegese? Ja inderdaad.

1. Die eksegeet onderwerp hom vrywilliglik en nie gedwonge nie.
2. Dit is 'n onderwerping wat inhou dat die eksegeet nie 'n strydige leer in die kerk sal propageer nie.
3. Dit is onderwerping met die reg van gravamen (Snyman, p. 160; vergelyk ook Grosheide, p. 58).

Daar word dus binne die duidelike raamwerk van die belydenisskrifte ge-eksegetiseer, TOTDAT die teendeel sou blyk. Die Heilige Skrif egter bly die finale maatstaf. Daarom is die eksegeet nog steeds vry om opreg en onbevange na die Skrif te luister (Coetzee e.a., 1980, p. 23).

Die verhouding tussen die vryheid van die eksegese en die binding aan die belydenis vat Snyman (p. 160) ten slotte as volg saam: "Belydend moet die Woord van God ondersoek word en ondersoekend moet die Woord van God altyd heerliker bely word". [11]

### 2.4.5 Die Skopus van die Heilige Skrif

God gee sy Woord met 'n bepaalde doel voor oë. Dit kan in drie hoofpunte saamgevat word:

2.4.5.1 "God openbaar Homself aan ons **sodat ons Hom sal verheerlik".** Die eer van God is die hoogste doel van die Skrif.

2.4.5.2 "God maak in die Skrif sy wil aan ons bekend as reël vir ons lewe op aarde **sodat ons Hom reg kan dien".**

2.4.5.3 "God wil ons daarin die Weg tot die ewige lewe bekend maak" (Coetzee e.a., p. 23; vergelyk ook N.G.B. art. 2, 5, 7).

## *2.5 Metodologiese uitgangspunte*

### 2.5.1 Die historiese element van die Openbaring

Die Godsopenbaring is nie alleen in menslike bewoording aan ons gegee nie, maar ook in menslike geskiedenis. "Die Boeke van die Skrif mag nie van die Skrif losgemaak word nie, maar die Skrif mag ook nie losgemaak word van die eiendomlike van haar Boeke en die historiese oorsprong van die Boeke nie" (Snyman, p. 154)

[12] J. Ridderbos (p. 415) praat van 'n historiese moment wat enersyds die omstandighede waaronder en andersyds die skrywer en die geadresseerdes tot wie 'n bepaalde skrifgedeelte of boek gerig word, aandui? Die ondersoek na die historiese, geografiese en kulturele omstandighede kan vir die eksegese van besondere betekenis wees. In dié verband kan ookgepraat word van die sogenaamde "SITZ IM LEBEN".

Daar moet ook voortdurend rekening gehou word met die openbaringshistoriese situasie. Dit is met dié feit, dat die Heilige Skrif in die loop van die geskiedenis ontstaan het (Grosheide, p. 71). Die eksegeet moet rekening hou met die feit dat God Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis al duideliker openbaar het (Coetzee e.a., 1980 p. 20).

### 2.5.2 Grammaties-literêre eksegese

Vir die regte verstaan van die Skrif in wetenskaplike sin, moet die tale waarin die Skrif oorspronklik geskryf is, geraadpleeg word. Die eksegeet moet hom vergewis van die korrektheid van die teks van 'n bepaalde gedeelte (Christian Reformed Church, 1978, p. 495).

Hierop volg die verantwoording ten opsigte van elke woord se betekenis, vorm en verbinding in die teks en die vasstelling van die implikasie daarvan vir die verklaring van die teks (Coetzee e.a., 1980, p. 26).

Aangesien die Skrif o.a. literatuur is, vertoon dit ooreenkomste met literatuur in die algemeen. Die eksegeet moet let op metafore, alliterasie, parallelismes, chiasmes en ander stylfigure (Christian, Reformed Church, 1978, p. 495). Die spesiale vereistes vir die interpretasie van metafore, allegorieë en hiperbole mag nie uit die oog verloor word nie, Daar moet gewaak word teen 'n letterlike interpretasie van sodanige gedeeltes (Kraus, p. 16 e.v.)

Nie alle Boeke en nie alle gedeeltes in die Skrif dra dieselfde karakter nie. Daar is o.a. historiese, profetiese en poëtiese gedeeltes. 'n Historiese gedeelte mag nie soos 'n gelykenis verklaar word nie. 'n Gelykenis mag ook nie as 'n reële gebeurtenis verklaar word nie. Elke Boek, deel en gedeelte moet volgens eie aard uitgelê word. (Greijdanus, p. 61, 115; Grosheide, p. 98 e.v.) [13]

### 2.5.3 Teologiese eksegese

Die eksegeet hou hom besig met die verstaan van God se wil en sy Goddelike doel. Die eksegeet moet hom voortdurend afvra: Wat openbaar God hier in 'n bepaalde gedeelte aangaande Homself en aangaande sy wil vir sy volk? (Coetzee, e.a., 1980 p. 26; Christian Reformed Church, 1978, p. 494).

Die selfopenbaring van God, waarmee die teologie te doen het, kom tot ons in die Heilige Skrif. Die eksegese het tot taak om dit wat in die Skrif geskrywe staan, só te verklaar dat die in-woorde-en-letters-uitgedrukte inhoud aan die lig tree. Dit is teologiese eksegese vanweë die wyse waarop die stof dit aan ons voordoen (Ridderbos, J, p. 381).

Daar moet geen skeiding gemaak word tussen teologiese-, grammaties-literêre – en historiese eksegese nie, aangesien dit aldus Snyman (p. 154) een wetenskaplike denkarbeid is.

### 2.5.4 Skrif met Skrif vergelyking

Die skrifgelowige eksegeet is by die verklaring van die Heilige Skrif gebonde aan dit wat die Skrif self, hetsy as geheel, hetsy in die onderskeie dele leer (Ridderbos, J. p. 147).

Indien aanvaar word dat die Skrif sy eie uitlegger is, dan moet die skrifverklaarder die uitgangspunt van "Skrif met Skrif vergelyking" toepas. Dié uitgangspunt beteken egter nie dat daar soveel moontlike parallellie aangevoer moet word nie. Die eksegeet moet waak teen skynparallellie. Dieselfde woord deur verskillende skrywers gebesig, het nie noodwendig dieselfde betekenis nie (Grosheide, p. 71).

'n Teksgedeelte uit die Ou Testament en 'n teksgedeelte uit die Nuwe Testament mag nie sommer gelykskakelend langs mekaar gestel word nie. Daar moet rekening gehou word met die openbaringshistoriese situasie. "Die LATERE woord in die Godsopenbaring oor dieselfde saak is altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande." (Coetzee e.a., 1980, p. 20).

Wanneer die eksegeet voor moeilik verstaanbare en hermeneuties moeilik oorbrugbare Skrif uitsprake te staan kom, moet die beginsel van Skrif met Skrif vergelyking so toegepas word dat die onduideliker uitspraak in die lig van die duidelike uitspraak verstaan word (Coetzee e.a., 1980, p. 20; Greijdanus, p. 140).

[14] Die vraag ontstaan of daar sprake kan wees van teenstrydighede in die Bybel? Kan gedeeltes in die Heilige Skrif mekaar weerspreek? Hierop moet geantwoord word dat daar in die Heilige Skrif slegs sprake kan wees van skynbare teenstrydighede. Dit gebeur dikwels dat ons sekere gedeeltes nie kan verklaar nie. Die fout is egter nie by die Skrif geleë nie, maar by die nietigheid van die mens en die verduistering van sy verstand. Aangesien die Heilige Skrif 'n eenheid is en God die eintlike Outeur is, vloei hieruit voort dat die Skrif in sy onderskeie dele homself nie kan weerspreek nie (Greijdanus, p. 50; Grosheide, p. 100 e.v.)

### 2.5.5 Eenheid en verskeidenheid

Die Heilige Skrif, as openbaring van God, onder inspirasie van die Heilige Gees, is 'n eenheid. Die eenheid van die Skrif moet erken word, sonder om die verskeidenheid daarvan te ontken (Christian Reformed Church, 1978, p. 49, e.v.)

"Dit het immers God behaag om Hom in sy Woord te openbaar in 66 boeke, geskrywe oor verloop van ongeveer 1300 jaar, in verskillende tale, kulture; op verskillende kontinente; in verskillende lande; deur mense van uiteenlopende kultuur, lewenspeil, nering, geleerdheid-standaard. Daarby het dit God behaag dat hulle ook nog afsonderlike boeke skryf, elk met 'n eie literatuurtipe, struktuur en tema" (Coetzee e.a., 1980 p. 20).

God het met die onderskeie skrywers en verskillende dele van die Heilige Skrif 'n bepaalde doel voor oë gehad. Hy het dit juis so gewil dat dit daartoe dien om die rykdom en heerlikheid van sy openbaring des te duideliker na vore te laat kom (Hebr. 1:1; Matt. 11:16-19), Die verskeidenheid doen niks afbreuk aan die eenheid van die Heilige Skrif nie. Dit moet juis deur ons opgemerk en waardeer word om so die volheid en skoonheid van die openbaring te kan bewonder. (Greijdanus, p. 48).

Alle dele van die Openbaring is aan mekaar wesensgelyk en bring die selfopenbaring van God in Jesus Christus. Dit vorm 'n harmoniese eenheid (Greijdanus, p. 50; Grosheide, p. 100).

In elke Boek en deel van die Skrif, in sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament, word hierdie hoofinhoud van die Skrif, nl. God se selfopenbaring in die Here Christus, op 'n eie wyse voorgestel en uitgewerk. Dit is egter die een Christus van God wat telkens aangekondig en geteken word na wese, persoon en werk (Greijdanus, p. 52; Kraus, p. 18; Snyman, p. 155). [15]

### 2.5.6 Die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament

Die Nuwe Testament kan nie sonder die Ou Testament reg verstaan word nie. Daar word teikens op die Ou Testament teruggegryp, daaruit geput en daarna verwys. Die Ou Testament word in die lig van die Nuwe Testament veel duideliker. Eersgenoemde het in laasgenoemde sy ontsluiting, soos 'n blomknop wat oopgegaan het, terwyl die Nuwe in die Oue verborge is, soos 'n roos in die knop (Greijdanus, p. 128).

In die onderskeie benaminge Ou Testament en Nuwe Testament sit daar iets van sowel 'n eenheid as 'n verskeidenheid. Die eenheid van beide Testamente is daarin geleë dat dit om dieselfde God, dieselfde Christus, die koms van dieselfde Koninkryk en dieselfde heilsweg gaan (Coetzee e.a., p. 20). Volgens Calvyn (1967, p. 1*77)* bly die beloftes van Ou en Nuwe Testament dieselfde. Ook die fondament van die beloftes, naamlik Christus bly dieselfde.

Die onderskeid tussen die Testamente het aldus Calvyn (p. 177) nie betrekking op die wese nie, maar op die wyse van bediening. Waar die Ou Testament die skaduwee laat sien, vertoon die Nuwe Testament die volle werklikheid.

Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament is histories bepaald. Die historiese situasie verskil. Dit is onjuis om te beweer dat die Openbaring tydloos is. Daar is openbaringshistoriese gang. God bied meer lig in aansluiting by die historiese omstandighede (Helberg, 1979, p. 63).

Die eksegeet moet die Ou Testament steeds verklaar as Ou Testament en die Nuwe Testament as Nuwe Testament. Beide is egter altyd in harmonie met mekaar. Tog mag die lig van die Nuwe Testament by die verklaring van die Ou Testament nie ontbreek nie. So mag ook die lig van die Ou Testament nie by die verklaring van die Nuwe Testament ontbreek nie (Ridderbos, J, p. 419).

### 2.5.7 Die historiese en normatiewe gesag van die Skrif

Die Skrif het historiese en normatiewe gesag. Alles wat die Heilige Skrif ons meedeel is waar in dié sin dat dit gebeur het soos wat dit beskrywe is. Nie alles wat in die Skrif vermeld

word, dien as voorskrif of is noodwendig navolgingswaardig nie. Ter illustrasie kan verwys word na die woorde en dade van Satan en die goddelose. Dit staan vas dat sodanige handelinge en woorde nie beskrywe is, sodat instemming daarmee en goedkeuring daaraan verleen moet word nie. Dit word nie vermeld sodat dit geglo of nagevolg kan word nie. Sowel "goeie" dade as bose dade moet getoets word aan dié norm nl. die sedewet (Greijdanus, p. 28; Grosheide p. 95). [16]

### 2.5.8 Die tydgerigtheid van die Heilige Skrif

In die hermeneuse moet daar gewaak word teen twee uiterstes:

- Enersyds mag die eksegeet nie so met die Skrif omgaan asof dit in die eerste plek, of dan primêr tot die mens van die twintigste eeu gerig is nie. God maak sy openbaring in 'n bepaalde tyd, binne 'n konkrete situasie aan sy kerk bekend. So rig die apostel Paulus hom in die eerste brief aan die Korinthiërs, aan die kerk van Christus in Korinthe in die eerste eeu na Christus. Die apostel bied konkrete antwoorde op konkrete probleme. Die eksegese maak nou uit: wat openbaar God aan die Korinthiërs in hulle besondere omstandighede? Hierop volg die hermeneutiese vraag: Wat openbaar God aangaande Homself aan ons in hierdie gedeelte in ons situasie in die twintigste eeu?
- Andersyds mag die eksegeet nie die moderne tyd, die moderne mens, met sy moderne vrae sodanig ooraksentueer, dat sekere gedeeltes in die Heilige Skrif op non-aktiwiteit geplaas word en irrelevant vir vandag gemaak word nie. Dié verklaarders gee wel toe dat 'n (betrokke-) bepaalde saak in die Bybel vermeld word, maar bloot 'n tydgebonde uitspraak sou wees.

Sodanige benadering moet afgewys word. Die Skrif is nooit tydgebonde nie, maar wel TYDGERIG. Dit beteken geensins dat die Heilige Skrif nie relevant of bindend sou wees of gesagsvol sou spreek tot die kerk van Christus wat na die Korinthiërs gelewe het nie. Die Heilige Skrif is deur God die Heilige laat opskrywe vir EN die Korinthiërs EN die kerk van Christus wat na hulle, hulle in hierdie wêreld sou bevind.

Daar is diskontinuiteit t.o.v. die situasie van die Korinthiërs en dié van die mens van die twintigste eeu. Hierdie diskontinuiteit is myns insiens geleë in uiterlike aangeleenthede (bv. kultuur, lewenswyse, lewensstyl). Daar is egter ook kontinuïteit. In Korinthe het 'n gees van emansipasie die mure van die kerk binnegedring. Vandag in die twintigste eeu word daar geworstel met dieselfde ou probleem. Met groot vrymoedigheid kan die Heilige Skrif vandag nog geraadpleeg word, want die Skrif het die "moderne" antwoord vir dieselfde ou probleem.

Die tydgerigtheid van die Heilige Skrif bepleit nie die aanpassing van die Godsopenbaring by die moderne mens en sy denke nie. Dit is nie die openbaring van God wat aangepas moet word by die mens nie, maar die moderne mens moet hom aanpas by die Heilige Skrif wat onveranderlik en gesagsvol spreek vir alle tye (vergelyk Coetzee e.a. 1980 p. 17). [17]

# HOOFSTUK 3: INLEIDING EN AGTERGROND BY DIE EERSTE KORINTHIËR-BRIEF

## *3.1 Skrywer*

Dit word algemeen aanvaar deur skrifverklaarders dat die apostel Paulus die skrywer van hierdie brief is. Hierdie verklaring berus op 1 Kor. 1:1 waar die apostel as skrywer aangedui word.

## *3.2 Geadresseerdes*

Die gemeente van Korinthe het bestaan uit Christene uit die Jode en Christene uit die heidene (Bruce, 1977, a. p. 964; Guthrie, 1974, p. 421).

Edersheim (ongedateerd, p. 154) voer aan dat die geadresseerdes Christene uit die Jode was. Sy motivering dat Paulus net Jode voor oë gehad het, hou nie steek nie. Hy grond hierdie verklaring op die feit, soos vermeld in 1 Kor. 11:5 dat die getroude vroue by die Jode die gewoonte gehad het om die hoof te bedek in die openbaar. Handelinge 8 vermeld egter dat Paulus hom in die eerste plek tot die Jode wend. As die Jode hom verwerp, dan wend hy hom tot die heidene.

Die meerderheid skrifverklaarders is oortuig dat die gemeente van Korinthe oorwegend uit Christene uit die heidene bestaan het (Calvyn, 1970, p. 258; Grosheide, 1970, p. 13,19; Muller, 1974, p. 55; Parry 1916, p. XI e.v.) [18]

3.2.1 Enkele Jode kom tot die geloof in Jesus Christus in die stad Korinthe. In die verband kan gedink word aan Crispus die hoof van die sinagoge, asook Titius Justus en Sosthenes. Aquila en Priscilla was ook Christene uit die Jode. Na die teenstand van die meerderheid Jode, wend Paulus hom tot die heidene.

3.2.2 Volgens Handelinge 18:8 het die bekering van Crispus tot gevolg gehad, dat baie van die Korinthiërs ook gelowig geword het en hulle laat doop het. Dié Korinthiërs was hoofsaaklik Christene uit die heidene (Calvyn, 1970, p. 258; Grosheide, p. 19).

3.2.3 Die karakter van die verskillende sondes wat die apostel bestraf, asook die mededelinge in 1 Kor. 6:9 e.v.; 12:2 dui daarop dat die gemeente hoofsaaklik uit Christene uit die heidene bestaan het.

"Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is" (1 Kor. 12:2) (vergelyk Grosheide, p. 13,19).

3.2.4 Sake soos die besnydenis, feesdae en die onderhouding van die Mosaïese wet, wat vir die Jode van belang kon wees, word nie in hierdie brief aangeraak nie (Grosheide, p. 19).

**Slotsom**

Die gemeente van Korinthe het uit Christene uit die Jode en uit die heidene bestaan, waarvan laasgenoemde die meerderheid uitgemaak het. Die gemeente het oorwegend 'n "heiden-christelike" karakter gedra. Laasgenoemde opmerking moet slegs in die lig van die voorafgaande verstaan word, dit is Christene uit die heidene.

## *3.3 Stigting van die gemeente*

Paulus en sy medewerkers, Timótheüs en Silas het hierdie gemeente tydens die tweede sendingsreis gestig. Dit was ongeveer die jaar 51 n.C. Volgens Hand. 18:11 het die apostel agtien maande in Korinthe gebly. In Korinthe het hy met Aquila en Priscilla in aanraking gekom. Hy het by hulle tuisgegaan. In die week het hy as tentmaker gewerk, terwyl hy op die Sabbat in die sinagoge gepreek het.

Alhoewel enkele Jode tot bekering kom, verwerp die meerderheid die apostel en so vir Jesus Christus. Ondanks veel vyandigheid en teenstand van die Jode kom 'n gemeente tot

stand. Wanneer Paulus Korinthe verlaat, dan laat hy 'n lewenskragtige en bloeiende gemeente agter. [19]

## 3.4 Die stad Korinthe

Die stad Korinthe was 'n hawestad. Digby die stad was twee hawens, die een na die Ooste en die ander na die Weste. Korinthe was baie strategies geleë, kosmopolitaans en bekend vir sy lae sedes. Dit het gewemel van matrose, slawe, Romeinse soldate, nyweraars en toeriste.

Die heidense godsdienste was eie aan hierdie stad. Afgodstempels het die stad versier. Die tempel van Afrodite, die godin van die liefde, het hoog bokant die stad Korinthe uitgetroon. In hierdie tempel is duisend prostituut priesteresse aangehou, waar die seksuele lewe en ontug as godsdienstige kultus beoefen is (Coetzee, 1975, p. 43; d'Assonville, 1973, p. 173; Christian Reformed Church, 1978, p. 573).

Korinthe was 'n goddelose stad. Sedeloosheid en verwêreldliking was van die grootste gevare wat die Christene bedreig het. Dié stad was alombekend as 'n sedelose stad, sodanig so dat 'n Griekse woord ontstaan het nl. "**Korinthiazesthai**" – om op te tree soos 'n Korinthiër, wat 'n tipering was van 'n sedelose lewe (Bruce, . 1977a, p. 964; d'Assonville, p. 174).

## 3.5 Plek van ontstaan en datering

Op grond van 1 Kor. 16:8 en 9 kan afgelei word dat Paulus hierdie brief vanuit Efese geskryf het en wel tussen die jare 55 tot 57 na Christus (vgl. Guthrie, p. 441-443; Muller, p. 53).

## 3.6 Aanleiding

### 3.6.1 Die eerste Korinthiërbrief

Na die vertrek van die apostel Paulus uit Korinthe, het daar verskeie misstande in die gemeente ontstaan:

- verdeeldheid
- onbeskaamde sedeloosheid
- regsgedinge -onordelikheid

1 Kor. 1:11 deel ons mee dat die huisgenote van Chloë dié misstande onder die aandag van Paulus gebring het. Op grond van 1 Kor. 7:1 is dit duidelik dat die apostel 'n brief ontvang het: "Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het..."

In 1 Kor. 16:17 verwys die apostel na 'n afvaardiging (Stefanus, Fortunatus en Achaïcus) wat deur die gemeente van Korinthe na hom gestuur is.

[20] Die aanleiding tot hierdie brief moet dus gesoek word in bepaalde probleme, vrae en onduidelikhede wat by die Korinthiërs ontstaan het. Daar kan dus verwag word dat Paulus in hierdie brief antwoorde sal bied op bepaalde vrae en probleme vanuit die gemeente.

### 3.6.2 1 Kor. 11:2-16

Uit die eerste brief aan die Korinthiërs weet ons dat sekere Christene die vryheid in Christus te ver gevoer het In 1 Kor. 6:12,13; 7:1; 8:1 en ook in die genoemde perikoop, word vryheid in ongebondenheid afgewys. Ware vryheid bestaan in verbondenheid met Jesus Christus. Hierdie perspektief werp ook lig op die inhoud van 1 Kor. 11.

In Korinthe het 'n gees van emansipasie posgevat. Hierdie gees het deurgewerk in die huislike en kerklike verhoudinge. Die vryheid in Christus is so uit verband geruk, dat die regte verhouding tussen man en vrou in die gemeente en ook in die huislike lewe versteur is.

Die apostel bied in 1 Kor. 11:2-16 'n antwoord op die emansipasiesug van sekere vroue in die gemeente, juis in 'n stad soos Korinthe, waar sedeloosheid hoogty gevier het. Hierdie neiging onder sekere vroue was nie maar 'n onverskillige saak nie, maar 'n libertinisme en

aantasting van die Godgestelde orde (Huls, 1965, p. 38).

### *3.7 Eenheid en eie-aard*

Hierdie punt sluit ten nouste by die voorafgaande aan. Die inhoud van hierdie brief word bepaal deur die aanleiding tot hierdie brief. 'n Groot verskeidenheid van sake rakende Christen-wees en kerk-wees in hierdie wêreld, word aan die orde gestel.

Die brief is aldus Coetzee (1975 p. 45) heel los gestruktureer, vanweë 'n gedurige wisseling van onderwerp. Daar moet egter nie soveel klem gelê word op die verskeidenheid van hierdie gedeelte, dat die eenheid uit die oog verloor word nie. Die apostel bied nie aan ons 'n ordelose sameflansing van sake nie. Die vraagstukke word ordelik afgehandel soos wat dit op die tafel kom (Coetzee. 1975 p. 45; Muller, p. 55).

Die hermeneutiese beginsel van die eenheid en verskeidenheid van die Heilige Skrif, moet hier in gedagte gehou word.

### *3.8 Tema*

Indien ons ons blind staar teen die verskeidenheid van praktiese sake wat aan die orde kom, dan kan daar nie van 'n sentrale tema sprake wees nie. Dit sou egter 'n oor-aksentuering van die verskeidenheid ten koste van die eenheid beteken.

[21] Die eksegeet moet aan die anderkant nie so behep wees met 'n sentrale tema, dat die eenheid ooraksentueer word ten koste van die verskeidenheid nie.

Coetzee (1975 p. 45) merk tereg op dat die brief sy eenheid en deurlopende refrein vind in die antwoorde van Paulus op alle probleme. Vanuit een en dieselfde beheersde waarheid – naamlik Jesus Christus regeer sy kerk – bied Paulus 'n antwoord op elke probleem. Die sentrale tema van dié brief kan dus soos volg lui: "Die Christusregering in die praktiese gemeentelike lewe" (Coetzee, 1975 p. 46).

### *3.9 Kursoriese struktuuranalise van die eerste Korinthiërbrief*

| | |
|---|---|
| **3.9.1 INLEIDING** | 1:1-9 |
| **3.9.2 PROBLEME SOOS BERIG DEUR CHLOE SE HUISGENOTE** | 1:10-6:20 |
| **3.9.3 Probleme** | |
| - Partyskappe en Groepvorming | 1:10-4:21 |
| - Hoerery (2x) | 5:1-13; 6:12-20 |
| - Regsgedinge | 6:1-11 |
| **3.9.3 VRAAGSTUKKE BEANTWOORD SOOS GENOEM IN DIE BRIEF VAN DIE GEMEENTE** | 7:1 -11:1 |
| **4 Vraagstukke** | |
| - Huwelik | 7:1-40 |
| - Eet van offervleis | 8:1-13 |
| - Vergoeding vir die ampswerk van die apostel | 9:1-27 |
| - Gevare verbonde aan eet van offervleis. Houding van Christene vs. afgodediens | 10:1-11:1 |
| **3.9.4 PROBLEME RAKENDE DIE GOEIE ORDE EN SUIWERE LEER IN DIE GEMEENTE** | 11:2-16:4 |
| **5. Probleme** | |
| - Verhouding man en vrou binne die Goddelike gesagsorde | 11:2-16 |
| - Onreëlmatighede by die Nagmaal | 11:17-34 |

- Wedywering en naywer oor die geestesgawes 12-14
- Suiwere leer m.b.t. die opstanding van die liggaam en die dode 15:1-58
- Insameling vir die arm gemeente van Judea – hoe? 16:1-4


[22]

**3.9.5 SLOT: REISPLANNE, MEDEDELINGE EN VERMANINGE EN SLOTGROET** 16:5-24

Die referent het gebruik gemaak van Coetzee (1975, p. 46-49), Guthrie (p. 443-446), Groenewald (ongedateerd, p. 15) en Muller (p. 54).

[23]

### *3.10 Struktuuranalise van 1 Kor. 11:2-16*



[24]

| | |
|---|---|
| παντὸς ἀνδρὸς ἡ κεφαλὴ ὁ Χριστός ἐστιν, κεφαλὴ δὲ γυναικὸς ὁ ἀνήρ, κεφαλὴ δὲ τοῦ Χριστοῦ ὁ θεός | Parallelisme: beginsel |
| πᾶς ἀνὴρ προσευχόμενος ἢ προφητεύων κατὰ κεφαλῆς ἔχων καταισχύνει τὴν κεφαλὴν αὐτοῦ<br>πᾶσα δὲ γυνὴ προσευχομένη ἢ προφητεύουσα ἀκατακαλύπτῳ τῇ κεφαλῇ καταισχύνει τὴν κεφαλὴν αὐτῆς | Parallelisme: Vergestalting van die beginsel |
| ἓν γάρ ἐστιν καὶ τὸ αὐτὸ τῇ ἐξυρημένῃ<br>εἰ γὰρ οὐ κατακαλύπτεται γυνὴ καὶ κειράσθω<br>εἰ δὲ αἰσχρὸν γυναικὶ τὸ κείρασθαι ἢ ξυρᾶσθαι κατακαλυπτέσθω | Chiastiese parallelisme: Hare (natuur) en hoofbedekking |
| Ἀνὴρ μὲν γὰρ οὐκ ὀφείλει κατακαλύπτεσθαι τὴν κεφαλὴν | Opdrag m.b.t. man: Kernwoord οὐκ ὀφείλει |
| εἰκὼν καὶ δόξα θεοῦ ὑπάρχων· ἡ γυνὴ δὲ δόξα ἀνδρός ἐστιν<br>οὐ γάρ ἐστιν ἀνὴρ ἐκ γυναῖκος<br>ἀλλὰ γυνὴ ἐξ ἀνδρός<br>καὶ γὰρ οὐκ ἐκτίσθη ἀνὴρ διὰ τὴν γυναῖκα<br>ἀλλὰ γυνὴ διὰ τὸν ἄνδρα | Skeppingsverhouding tussen man en vrou: Let op die herhaling van verbindings van ἀνὴρ + γυνὴ met die verhoudingswoorde (voorsetsels ἐκ en διὰ) |
| διὰ τοῦτο ὀφείλει ἡ γυνὴ ἐξουσίαν ἔχειν ἐπὶ τῆς κεφαλῆς διὰ τοὺς ἀγγέλους | Opdrag m.b.t. die vrou: Kernwoord ὀφείλει |
| πλὴν οὔτε γυνὴ χωρὶς ἀνδρὸς<br>οὔτε ἀνὴρ χωρὶς γυναῖκος<br>ἐν κυρίῳ·<br>ὥσπερ γὰρ ἡ γυνὴ ἐκ τοῦ ἀνδρὸς,<br>οὕτως καὶ ὁ ἀνὴρ διὰ τῆς γυναῖκος·<br>τὰ δὲ πάντα ἐκ τοῦ θεοῦ | Herskeppingsverhouding tussen man en vrou, d.i. die verhouding ἐν κυρίῳ.<br>Let op die herhaalde verbindings van ἀνὴρ + γυνὴ met die verhoudingswoorde χωρὶς, ἐκ en διὰ |
| Ἐν ὑμῖν αὐτοῖς κρίνατε· πρέπον ἐστὶν γυναῖκα ἀκατακάλυπτον τῷ θεῷ προσεύχεσθαι | Retoriese vraag as stylfiguur: Daar bestaan geen twyfel nie. |
| οὐδὲ ἡ φύσις αὐτὴ διδάσκει ὑμᾶς ὅτι ἀνὴρ μὲν ἐὰν κομᾷ ἀτιμία αὐτῷ ἐστιν<br>γυνὴ δὲ ἐὰν κομᾷ δόξα αὐτῇ ἐστιν; ὅτι ἡ κόμη ἀντὶ περιβολαίου δέδοται αὐτῇ. | Antitetiese parallelisme: Hare (natuur) as hoofbedekking. |
| Εἰ δέ τις δοκεῖ φιλόνεικος εἶναι, ἡμεῖς τοιαύτην συνήθειαν οὐκ ἔχομεν οὐδὲ αἱ ἐκκλησίαι τοῦ θεοῦ | Aposiopesis as stylfiguur: Sterk gevoelswaarde: Daar bestaan geen twyfel nie. |

[25]

# HOOFSTUK 4: GODDELIKE OORLEWERING

## *4.1 Paulus – 'n geroepe APOSTEL van Jesus Christus*

**In 1 Kor. 1:1 staan geskrywe: "Paulus 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God..." In 1 Kor. 11:1 roep die apostel die Korinthiërs op: "Wees almal my navolgers, soos ek dit ook van Christus is".**

"Apostel in die Nuwe Testamentiese sin van die woord kan en mag iemand net wees op grond van die persoonlike roeping deur Koning Jesus Christus self." (Coetzee, 1978, p. 8). Die woord **apostolos** is afkomstig van die stam **apostellein.** Die woord **stellein** beteken bloot om te stuur (vir enige doel). Daarteenoor beteken **apostellein** "om te stuur met 'n opdrag, op so 'n wyse dat die gestuurde volle gesag ontvang binne die terrein van sy opdrag" (Coetzee, 1978 p. 8).

'n **Apostolos** is volgens Coetzee (1978, p. 8) meer as 'n gestuurde. 'n **Apostolos** is 'n gesant, 'n ambassadeur. Hy is 'n GEVOLMAGTIGDE GESANT wat NET, maar ook WEL aan sy sender verantwoording verskuldig is.

Die inhoud van die woord **apostolos** is waarskynlik in die Nuwe Testamant mede-bepaal deur die laat Joodse begrip **shaliach**. By Israel was laasgenoemde die amptelike regsverteenwoordiger van 'n persoon. Indien iemand nie in die hof kon verskyn nie, dan stuur hy iemand anders in sy plek om namens hom te praat. Die teenwoordigheid van die gestuurde geld dan vir die teenwoordigheid van die persoon wat hom gestuur het. Dit is so goed asof sy sender self daar is. Die gestuurde of apostel mag slegs doen en sê wat sy sender hom beveel het.

Jesus Christus het sy apostels geroep en uitgestuur: "gesante of ambassadeurs van die Koning van die konings om sy Woord, sy boodskap uit te dra en sy Koningskap aan alle mense te proklameer en regsverteenwoordigers om sy saak voor die wêreldforum te stel" (Coetzee, 1978 p. 8).

As die apostel Paulus homself 'n geroepe apostel, deur die wil van God noem, dan geld ook vir hom dieselfde as wat vir die ander apostels geld. Ook Paulus het volle gesag ontvang binne die *terrein* van sy opdrag. Hy praat *in* opdrag *van sy* Sender Jesus Christus.

## *4.2 Die oorlewering (paradósis)*

Die selfstandige naamwoord **paradósis** (oorlewering) is afkomstig van die werkwoord **paradidómi** (oorlewer) wat verband hou met die Christelike leer en lewenswandel, Vir die apostel Paulus is die oorlewering niks anders as die heilige [26] evangelie nie. Die apostel Paulus gebied die gemeentes om hulle aan die oorlewering te onderwerp aangesien dit hulle verlossing raak. (1 Kor. 15:2). Die punt waarom dit gaan is dat dit oorgelewer is (1 Kor. 15:3) en afkomstig is van God (1 Kor. 11:23) (Büchsel, 1973, p. 172).

In 2 Thess. 2:15 roep die apostel die Thessalonicense op: "So dan, broeders staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is of deur 'n woord of deur 'n brief van ons". In 2 Thess. 3:6 staan geskrywe: "Ons beveel julle broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie".

Waarom gee die apostel Paulus so 'n kras uitspraak? Daar kan geen ander verklaring voor wees nie as juis dit, dat wie die oorlewering minag, minag die apostel en wie die apostel minag, minag die Sender van laasgenoemde. Die oorlewering kom van God af en eis ontsag en gehoorsaamheid van die gelowige.

"Wat Paulus zelf van de Here ontvangen heeft, dat heeft hy doorgegeven aan die Korinthiërs" (Jager, 1978, p. 249).

**Slotsom**

**Paradósis** of oorlewering na sy inhoud is 'n ander naam vir die evangelie of apostoliese prediking (Grosheide, p. 288; Nederduits Gereformeerde Kerk Agenda, 1978, p. 313 e.v.).

### *4.3 "Ek wil hê dat julle moet weet"*

Hierdie inleidingsformule gebruik die apostel Paulus as hy belangrike sake aan die orde wil stel. Dit gaan oor sake wat hy definitief uitgemaak en beslis wil sien (vergelyk Rom. 1:13; 1 Kor. 10:1; 12:1; 2 Kor. 1:3). Die saak word met besondere klem en beslistheid gestel. Hy spreek as't ware met 'n ekstra gesagstoon: "Zo is het en niet anders" (Hommes, 1951, p. 84).

Die vraag wat ons vir onsself moet beantwoord is: Wat hou die woorde in – "ek wil"? Hou dit in dat die gelowiges in Korinthe aan die wil van die mens Paulus gebind word? Word dit wat Paulus in verse 2-16 skryf, beheers deur 'n tydgebonde vooroordeel van die mens Paulus?

Die wyse waarop hierdie aantal vrae beantwoord word, is van beslissende betekenis vir die regte verstaan van hierdie gedeelte. Die uitgangspunt van hierdie gedeelte (vers 3) volg direk op die uitspraak oor die oorlewering (vers 2).

[27] Paulus is nie maar net 'n mens wat die gelowiges van sy tyd aan sy eie persoon en oorlewering bind nie. Hy is ook gesagsvolle apostel van Jesus Christus. Hy bind die gelowiges aan die persoon van Jesus Christus en sy oorlewering (evangelie).

Pop (1971, p. 226) is van mening dat daar gevalle hom voordoen, waarin die oorlewering nie voorsien nie. Dan gee Paulus SY EIE MENINC soos bv. in 1 Kor. 7:12,25,40. Pop voer aan dat ons met 'n soortgelyke uitspraak in hoofstuk 11:2-16 te doen het.

Die uitleg van die woorde apostel, oorlewering en "ek wil hê dat julle moet weet" weerlê hierdie verklaring van Pop. Die apostel Paulus kom juis met 'n nuwe leerbeslissing, met dit wat nog nie tot die oorlewering behoort nie (Hommes, p. 85), maar deel uitmaak van die Heilige Evangelie.

Die oorlewering van Paulus onder inspirasie van die Heilige Gees, waaronder die onderrig oor die verhouding man en vrou binne die gemeente, spreek in die eerste plek GESAGVOL tot die Christene in Korinthe. Die apostel bedien die Heilige Evangelie nie tydloos en losstaande van die gebeure, gewoontes en sedes van daardie tyd nie. Die oorlewering word bedien aan die geroepe heiliges wat hulle tussen die jare 50 – 60 n.C. in Korinthe bevind.

Die vraag is nou aan die skrifverklaarder: Wat openbaar God aangaande Homself in hierdie GODDELIKE OORLEWERING aan die Christene in Korinthe in hulle besondere omstandighede? Dit is die vraag na die tydgerigtheid van die Skrif.

Die tweede vraag wat die skrifverklaarder moet beantwoord is: Wat openbaar God aangaande Homself in hierdie GODDELIKE OORLEWERING aan die Christene van die twintigste eeu in hulle besondere omstandighede? Dit is die vraag na die universaliteit of geldigheid van die Skrif vir alle tye. [28]

# HOOFSTUK 5: DIE UITGANGSPUNT OF KERN VAN HIERDIE PERIKOOP

## *5.1 Die hoofbedekking?*

Die uitgangspunt van hierdie gedeelte is geleë in vers 3: "Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man en die man die hoof is van die vrou en God die hoof van Christus".

In die ou Afrikaanse vertaling staan die volgende opskrif bokant hierdie perikoop: "Oor die gedrag van die vrou in die gemeente". Dit is nader aan die waarheid as om te wil beweer dat dit in hoofsaak om die hoofbedekking van die vrou gaan. Van Bruggen (1975, p. 39) merk tereg op dat Paulus in vers 3 nie begin by wat die vrou op die hoof moet hê nie, maar juis by **wie** haar hoof is, naamlik die man. Wat op vers 3 volg is ondergeskik aan die algemene tema – die man as hoof van die vrou.

Van Bruggen (p. 40) voer die saak egter te ver as hy beweer dat die hoofbedekking glad nie eers 'n kwessie is in hierdie gedeelte nie. Pop (232) sluit in hierdie opsig aan by Van Bruggen as hy beweer dat dit in wese nie gaan om die haardrag of hoofbedekking van die vroulike gemeentelede nie. Syns insiens gaan dit om die VROU-WEES en VROU-BLY van die vroue in die gemeente.

Toegegee, die hoofbedekking is nie die hoofsaak in hierdie gedeelte nie, maar dit raak die hoofsaak. Dit bevestig juis die hoofsaak, dat die vrou ondergeskik is aan die man binne die Goddelike gesagsorde. Dit beteken egter nie dat die hoofbedekking nou irrelevant geword het nie. Vers 3 bly dus die uitgangspunt, terwyl die verse wat hierop volg, asook die noem van die hoofbedekking 'n nadere toeligting en 'n verdere uitbouing van die uitgangspunt bied.

Die woorde van Codet (1904, p. 493) moet in dié verband in gedagte gehou word. Die apostel betrek 'n skynbaar onbelangrike saak, iets van skynbaar mindere belang, op die verhewe verhouding van die mens met Christus en Christus met God.

## *5.2 Drie relasies*

In vers 3 word drie verhoudinge of relasies gestel nl.:

dié tussen die man en die vrou,

dié tussen die man en Christus,

dié tussen Christus en God.

Die gemeenskaplike term waarmee Paulus die verhoudinge aandui is die begrip **kéfalé.** Die apostel gebruik die begrip figuurlik en letterlik al om die beurt. Die eksegeet moet hom vergewis in welke sin die woord telkens gebruik word.

[29] Die woord **kéfalé** word in vers 3 figuurlik of oordragtelik gebruik. Hierdie woord hou aldus Codet (p. 493) in oordragtelike sin 2 gedagtes in:

i) Dié van 'n gemeenskaplike lewe

ii) Dié van 'n ongelykheid.

Tussen man en vrou word die band van 'n gemeenskaplike lewe gelê. Dit is egter sodanig dat die man die sterkere en leidende persoon is, terwyl die vrou die ontvanklike en afhanklike persoon is. "Onder die mense moet die man in die verhouding man-vrou die hoof wees" (Coetzee, 1977, p. 10). Tussen Christus en die man is daar ook so 'n verhouding. Dié verhouding wat deur die geloofsband tot stand gekom het, lê die grond vir 'n lewensgemeenskap waar Christus die primêre en leidende is en die man die ondergeskikte, ontvanklike en afhanklike. Ten opsigte van die verhouding Christus en sy kerk staan Christus as Hoof by die man. Dit sluit ook die vrou in. (Coetzee, 1977, p. 10; Codet, p. 493).

Ook in die Goddelike wese kom 'n analoge verhouding tot openbaring. Christus is ondergeskik aan God. Hoe moet dié verhouding verstaan word? Is Christus dan nie een met die ander Persone binne die Goddelike Drie-eenheid en so ook gelyk aan hulle nie? (gelyk in die sin van nie-ondergeskik). Hierdie verhouding van Christus ondergeskik aan God kan nie verstaan word, as nie in gedagte gehou word dat Christus by sy ampsnaam genoem word nie. Hy is die Gesalfde. God het hom gesalf as Middelaar. As Middelaar het ons met Christus te doen as die **apostolos** of uitgestuurde van die Vader. Christus was dié **apostolos** by uitnemendheid. (vergelyk die bespreking in punt 4.1 oor die begrip apostel).

As Middelaar moet Hy binne die raamwerk van sy opdrag bly en wou Hy niks anders doen as die wil van Sy Vader nie.

Uit die hele manier van spreke en optrede as Gestuurde, is dit duidelik dat Christus in opdrag van en met gesag van die Vader gestuur is. (vgl. Joh. 3:17; 4:34; 5:23-24, 30, 36, 38).

As **apostolos** van die Vader is al die werke wat Christus doen ook werke van die Vader self (Joh. 5:17,19). Volgens Joh. 10:25 doen Hy sy werke "in die Naam van die Vader". In Joh. 10:32 word die werke, werke genoem wat "vanaf my Vader" kom. Christus sê in Joh. 14:10: "Die Vader wat in My bly, Hy doen die werke". Die woorde van Christus moet gesien word in die lig van sy sending. Dit is dié feit dat Hy dié Apostel van die Vader is: "dié woord wat julle hoor is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het" (Joh. 8:28,40; 12:50; 14:10,24; 15:15).

Binne die Goddelike gesagsorde is daar ook 'n UNIEKE GEMEENSKAPSVERHOUDING tussen Christus en God. In 'n besondere sin is die Seun voorwerp van die liefde van die Vader. Die liefde tot die Seun is volgens Joh. 17:24 'n liefde van [30] voor die grondlegging van die wêreld. Coetzee (1979, p. 24) merk in dié verband op dat dit vanuit hierdie liefde tot die Seun is, dat die Vader die Seun gestuur het na die wêreld om hierdie liefde te openbaar aan die mense. Die einddoel hiervan is dat "hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het" (Joh. 5:20; 15:9-10; 17:23-26) (vergelyk Coetzee, 1979 a, p. 22-24).

In hierdie perikoop word gehandel oor die onderlinge verhouding tussen man en vrou in die gemeente van Jesus Christus, binne die Goddelike gesagsorde, terwille van die goeie orde in die gemeente. Ten einde die vroue tot besinning te bring en alle rede tot verdere protes by hulle te beëindig, plaas die apostel die verhouding man en vrou in perspektief, binne die Goddelike gesagsorde. Net soos die man nie vry kan wees in ongebondenheid nie, maar altyd in onderworpenheid en in verbondenheid aan Jesus Christus, so kan die vrou ook nie ongekwalifiseerd vry wees nie. Vir die Christenvrou is haar vryheid geleë in onderworpenheid en verbondenheid aan haar man.

## *5.3 Die verhouding man-vrou*

Dit is van deurslaggewende betekenis om die woorde **man** en **vrou** in dié verband reg te verstaan. Skrifverklaarders se weë gaan uiteen by die verklaring van dié twee woorde. Die vraag wat beantwoord moet word, is: Het die apostel Paulus net die getroudes voor oë, of moet daar ook aan die ongetroudes gedink word?

By die verklaring van die Griekse woord vir "man" (so ook dié vir vrou) moet twee verklaringsmoontlikhede in gedagte gehou word:

- Die woorde (man en vrou) kan o.a. dui op die manlike of vroulike geslag onderskeie van mekaar.
- Dit kan ook dui op die huweliksverhouding (Oepke, 1976, p. 361 – 363).

### 5.3.1 Christus is die Hoof van ELKE MAN

Grosheide (p. 228) verklaar die "elke man" as duidende op elke mens (man) sonder uitsondering en nie alleen op die Christene nie. Syns insiens maak die feit dat die ongelowige nie van Christus as Hoof weet of wil weet nie, nie die feitelikheid van

laasgenoemde se hoofskap tot niet nie. Van Bruggen (p. 29) dink in dieselfde rigting as Grosheide as eersgenoemde die "elke man" van toepassing maak op die manlike geslag (elke man op aarde).

Christus is dan volgens genoemde skrifverklaarders as Middelaar nie alleen hoof van sy kerk nie (vgl. Ef. 5), maar ook van die kosmos (die skepping). Daarom is Christus die hoof van elke man.

[31] Die vraag is egter of "elke man" dui op die heerskappy van Christus oor die manlike geslag (gelowig en ongelowig) soos oor alle dinge, soos genoem in 1 Kor. 15:25; Ef. 1:22; Fil. 2:10; Hebr. 2:8 en in die brief aan die Kolossense. Hommes (p. 91) gee toe dat die Skrif praat van die heerskappy van genade (t.o.v. die kerk) en die heerskappy van mag (t.o.v. die kosmos, alle dinge). Hy toon egter oortuigend aan dat die "hoof van elke man" nie op die heerskappy van mag dui nie, maar op die heerskappy van genade. Die apostel Paulus dui die heerskappy van mag (oor alle dinge) nooit aan met "Christus die hoof van elke man" nie, maar met die uitdrukking "hoof van alle dinge".

Die heerskappy van genade is van toepassing op elke man wat lid is van die gemeente (Hommes, p. 90). Vers 4 gee 'n nadere toeligting van die "elke man" in vers 3. Dit gaan om elke man wat bid of profeteer. Alhoewel Christus se heerskappy oor die hele skepping strek, ook oor die manlike geslag, moet in die verband gedink word aan die gelowige mans in die gemeente van Korinthe.

### 5.3.2 Die man is hoof van die vrou of sy eie vrou

Grosheide (p. 288) vestig die aandag op die gebruik van die lidwoord in die oorspronklike teks in die bostaande. Syns insiens val dit op dat die lidwoord voor "hoof" en voor "vrou" ontbreek dat "vrou" nie nader gekwalifiseer word met "elke" nie.

Laasgenoemde merk tereg op dat die man nie in so 'n absolute sin die hoof van die vrou is, soos wat Christus die Hoof is van elke man nie. So is die man eintlik 'n vrouehoof.

Grosheide (289) betrek die hoofskap van die man nie net op die huweliksverhouding nie, maar op die vroulike geslag in die algemeen, binne die gemeente. Die man word nie gesien as man van 'n bepaalde vrou nie, maar verteenwoordigend van die manlike geslag. M.a.w. die manlike geslag binne die gemeente is hoof van die vroulike geslag. Gevolglik geld van elke man volgens Grosheide dat hy bo en voor 'n vrou staan. Van Bruggen (p. 31) skaar hom by Grosheide en voer aan dat Paulus nie kom met 'n spesifieke aanspraak nie, maar met 'n algemene aanspraak. Volgens laasgenoemde staan daar nie dat die man hoof is van sy eie vrou nie, maar dat die man hoof is van die vrou.

Hommes (92) wys met goeie reg hierdie onhoudbare standpunt af. Daar is veral twee gronde:

1. Op grammatikale gronde is dit onverantwoord. Hommes konstateer tereg dat hierdie uitdrukking met of sonder lidwoord dui op: Hoof van SY EIE vrou. Die [32] lidwoord word weggelaat aangesien daar op grond van die verband geen twyfel bestaan, dat die man en vrou in vers 3 as eggenoot en eggenote bedoel word nie.

2. Op teologiese gronde skep so 'n afleiding nl. die hoofskap van die manlike geslag binne die gemeente oor die vroulike geslag binne die gemeente ernstige probleme.

Hommes (p. 88 e.v.) dink uitsluitlik aan die huweliksverhouding. Hy motiveer sy saak as volg:

1. Die apostel Paulus spreek nooit oor die ondergeskiktheid van die vrou aan die man in die algemeen nie.
2. Ondergeskik aan die man is by Paulus na uitdruklike redenering in Rom. 7:2 ALLEEN DIE GETROUDE VROU. (vgl. ook 1 Kor. 7:39).
3. Dit wat in 1 Kor. 11:3 geleer word, is sakelik dieselfde as wat in Ef. 5 aangetref word

(vers 23): "Want die man is die hoof van die vrou soos ook Christus die Hoof van die gemeente is". Eersgenoemde skrifgedeelte moet in die lig van lg. skrifgedeelte verstaan word. Dit handel juis oor die ondergeskiktheid van die vrou in die huwelik.

4. Die woord "hoof sluit 2 gedagtes in:
   - die van lewensgemeenskap,
   - die van ongelykheid binne die lewensgemeenskap. Die uitdrukking het alleen betekenis as dit van toepassing gemaak word op die huweliksverhouding met die 2 elemente van lewensgemeenskap en ongelykheid daarbinne.
5. Vers 9 wat handel oor die skeppingsdoel van die vrou is van toepassing op die huwelik en getroud wees. "Die man is nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man".
6. Die wedersydse afhanklikheid tussen man en vrou IN DIE HERE is **onder andere** van toepassing op die huweliksverhouding. (onder andere is die invoeging van referent).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat hierdie gedeelte nie buite die huweliksverhouding om verstaan kan word nie. Die huweliksverhouding tussen man en vrou word aldus Hommes steeds in gedagte gehou wanneer [33] die apostel Paulus die kwessie van die gedrag van die vrou aan die orde laat kom. (vgl. Calvyn, p. 186; Coetzee, p.9, Dijk, 1933, p. 28 Codet, p.494; Huls p. 39; Jager, p. 250; Van Graan p. 558).

### 5.3.3 Die woord vrou dui op die getroudes en voornemende getroudes

Alhoewel dit om die huweliksverhouding gaan, sluit die apostel nie die ongetroudes hiervan uit nie. Die referent vereenselwig hom in 'n groot mate met die verklaring van Hommes (p. 88 e.v.) in dié verband. Tog is dit die beskeie mening dat dit onjuis sou wees om net aan die getroudes te dink. 'n Blote beperking tot die getroudes kan nie ontleen word aan verse 2-16 nie.

**Motivering**

1. Elke man en elke vrou wat bid of profeteer is nie net van toepassing op die getroudes nie. Dit sou inhou dat slegs die getroudes kon bid of profeteer. Dit is nie die bedoeling van die apostel nie. Dit gaan dus om elke man en elke vrou in die gemeente van Korinthe, getroud of ongetroud.
2. Vers 5 en 6 is nie net van toepassing op die getroude vrou nie. As dit vir 'n getroude vrou skandelik is om haar hare af te skeer, dan geld dit seker ook vir die ongetroude. Dit gaan om dit wat natuurlik, betaamlik en gepas vir 'n Christenvrou is, hetsy getroud of ongetroud.
3. Vers 8-9 dui nie alleen op die huweliksverhouding nie, maar ook op die skeppingsverhouding.

   Adam was die eerste mens (man).

   Eva was die tweede mens (vrou).

   Adam en Eva was egter ook die eerste "getroudes".
4. Vers 11 en 12 dui op die wedersydse afhanklikheid tussen man en vrou. Daar word verwys na die skepping en na geboorte. "In die Here", dit is in die herskepping, is man en vrou ook broeder en suster. Die broeder-en-suster-verhouding in die herskepping is nie net beperk tot die getroudes nie. So is 'n getroude man ook nie sonder die ongetroude vrou "in die Here" nie.
5. In vers 14-15 word gespreek oor die natuurlike onderskeid in haardrag tussen mans en vroue. Dit is van toepassing op alle mans en alle vroue.

[34] Genoemde sake uit die verband kanselleer die moontlikheid uit dat daar by bid of profeteer net aan die getroudes in die gemeente gedink moet word.

Die voorafgaande motivering wil geensins die huweliksverhouding negeer nie. Hierdie perikoop is van toepassing op die huweliksverhouding. Die doel van genoemde motivering is doodeenvoudig om aan te toon dat ons nie die kind, die jonge dogter, die ongetroude dame en die weduwee moet isoleer van die huweliksverhouding nie.

In Christelike kringe word in 'n toenemende mate 'n dilemma geskep tussen die plek van die vrou in die algemeen en die plek van die vrou binne die huwelik. (Dit is ten opsigte van die erediens). Coetzee (1977, p.10) voer aan dat die Skrif nie hier sommer van toepassing gemaak kan word op alle vroulike lidmate insluitende jongmeisies, oujongmeisies en weduwees nie. Coetzee skep myns insiens 'n dilemma tussen die vrou buite die huwelik en die vrou binne die huwelik.

Die feit dat die apostel Paulus nie 'n radikale onderskeid tref nie, toon aan dat hy nie so 'n dilemma gesien het nie. (Van Bruggen, p. 33).

Hoe moet ons dit dan verstaan?

Hommes (p. 88) bied die oplossing alhoewel hy net aan die getroude vrou in dié verband wil dink. In die dae van die apostel het die Grieks-Romeinse wêreld skaars so iets geken soos 'n ongetroude vrou. Die opvoeding van elke meisie was op die huwelik ingestel en hulle het meesal heel jong (tussen 14 -17 jaar) getrou.

Die normale gang van sake was dat elke vrou voor die keuse te staan kon kom om te trou. Elke vrou was m.a.w. volgens normale gang van sake bestem om te trou. Elke vrou was bestem om te trou vir die voortplanting van die menslike geslag. Die moontlikheid van 'n huwelik was nie vooraf uitgesluit nie.

In die Handelinge van die Christian Reformed Church (p. 515) word ter ondersteuning van die referent se standpunt aangevoer dat by die verklaring van die woorde man en vrou die twee moontlikhede

man en vrou,

eggenoot en eggenote,

nie van mekaar geskei moet word nie. Onder alle Jode was die meeste volwasse mans en die meeste volwasse vroue getroud. 'n Ongetroude vrou was byna ondenkbaar.

### 5.3.4 Slotsom

1. Dit gaan in dié verband in die eerste plek op die getroude man en getroude vrou in hul verhouding tot mekaar binne die Goddelike gesagsorde. [35]
2. Die jongmeisie (ongetroud), die oujongnooi en die weduwee is nie in hierdie gedeelte te isoleer van die getroude vroue nie, want hulle is of van voorneme om te trou, of 'n moontlike huwelik is nie uitgesluit nie.
3. Die begrippe man en vrou is dus van toepassing op elke man en elke vrou in die gemeente hetsy getroud of ongetroud.
4. Op grond van die skepping is daar 'n ongelykheid tussen man en vrou. By huweliksluiting word hierdie ongelykheid, 'n ongelykheid IN ONDERWORPENHEID vir elke getroude vrou. Dan staan sy onder die hoofskap van haar eie man.

# HOOFSTUK 6: TOEPASSING VAN DIE UITGANGSPUNT

## *6.1 Elke man, elke vrou, biddende of profeterende*

### 6.1.1 Biddende

Die woord vir bid in die Grieks is **proseuchomai.** Dit dui op die mees omvattende begrip vir AANBIDDING. Dit gaan nie maar oor 'n private of huislike aangeleentheid nie, maar oor 'n handeling wat in die openbare erediens geskied. Die gebruik van hierdie woord in 1 Kor. 11:4 e.v. en 1 Kor. 14:13-16 dui op openbare aanbidding (Schönweiss, 1976, p. 855,869). Die bid of aanbidding is duidelik 'n bid MET ander en VOOR ander. Van dieselfde woord is 'n selfstandige naamwoord afgelei nl. "proseuche" wat 'n plek van openbare aanbidding genoem word, by name die sinagoge (Hand. 16:13 e.v.).

### 6.1.2 Profeterende

Die basiese betekenis van die woord **proféteuō** is: "to make prophetic revelations". Paulus gebruik dit vir die gawe van profesie. Dit hou die deurgee van Goddelike openbaring in. (Christian Reformed Church, Acts, p. 514, Peisker, 1978, p. 74). In die vroeg-Christelike kerk was daar en vandag nog is daar 'n noue samehang (direkte konnotasie) tussen gebed en profesie, want beide is in 'n besondere sin werke van die Gees (Friedrich, 1975, p. 852). Die aard van hierdie handeling soos wat dit in die Nuwe Testament en in besonder in 1 Kor. 11 geteken word, dui op 'n optrede voor en in die teenwoordigheid van ander. [36]

### 6.1.3 Openbare byeenkoms of private byeenkoms

Hierdie handele van bid of profeteer het dikwels in die erediens plaasgevind. Die res van hierdie hoofstuk asook hoofstuk 12 tot 14 handel oor vrae rondom die openbare aanbidding (erediens). Coetzee (1977, p.8) merk tereg op dat dit hier handel oor die bedekking van die kop van die vrou in die openbare erediens. Hierdie verklaring word deur die meerderheid eksegete so aanvaar.

### 6.1.4 Bid of profeteer – net sekere mans en sekere vroue?

Coetzee (p. 9) merk op dat die konkrete vraag nie was of 'n vrou met onbedekte hoof in die erediens mag kom nie, maar wanneer 'n vrou in die erediens opstaan om 'n profetiese woord te spreek of hardop te bid, mag sy dit dan sonder hoofbedekking doen, soos die man dit sou doen.

Die vraag ontstaan of hierdie probleemstelling korrek is? Bedoel die apostel Paulus dat die vroue argumentsonthalwe met onbedekte hoofde in die erediens kan verskyn en die mans met bedekte hoofde? Kan die orde na willekeur omgeruil word, na eie goeddunke, behalwe wanneer 'n man of vrou opstaan om hardop te bid of profeteer? Dit kan tog nie beteken dat hierdie reëling bloot geld wanneer HARDOP, onder inspirasie van die Heilige Gees gebid of geprofeteer word nie. Dit sou geensins die orde in die gemeente bevorder nie, maar juis onordelikheid in die hand werk. Dan moes die vroue wat bid of profeteer in besondere sin, slegs en wel skielik, voordat sy tot so 'n handeling oorgaan, die hoofbedekking (palla) oor die kop trek. Dan kon sy maar voortgaan. Die palla het soos 'n "kappie" op haar skouers gerus en kon teruggeslaan word of oor die kop getrek word.

Hierdie probleem moet in die lig van vers 4 – 6 en vers 13 verstaan word. In vers 13 vra die apostel Paulus: "Is dit betaamlik dat 'n vrou met onbedekte hoof tot God bid?" Kan hierdie reëling beperk word net tot dié wat die besondere gawe ontvang het? Dit gaan volgens die referent om die besondere hardop bid, maar ook om die stilswygend bid deur middel van die een wat voorgaan. Diegene in die gemeente wat nie hardop bid of profeteer nie, is nie van hierdie gebeure uitgesluit nie. Hulle is ten nouste hierby betrokke.

### 6.1.5 Slotsom

Dit wat vir die vroue geld, wat die besondere gawe(s) beoefen, geld ook vir die vroue wat in

die erediens betrokke is by hierdie gebeure. Hierdie reëling van die apostel Paulus is van toepassing op elke man en elke vrou in die erediens.

[37] Die referent volstaan in dié verband met die voorafgaande, alhoewel hierdie onderwerp nog nie uitgeput is nie. Daar kan nog gehandel word oor die verhouding van hierdie verse tot die swygverbod in 1 Kor. 14:34,1 Tim. 2:11*,* 12, die vrou in die amp, die charismata en dergelike ander sake.

## *6.2 Met bedekte hoof, met onbedekte hoof*

Die apostel Paulus gebied die vroue van Korinthe om hul hoofde in die erediens te bedek, terwyl die mans nie die hoofde moet bedek nie. Skrifverklaarders se weë gaan uiteen oor wat met die hoofbedekking bedoel word. Daar is twee moontlikhede:

### 6.2.1 Die hare as 'n bedekking

Sekere verklaarders kies vir die eerste moontlikheid, daar die apostel Paulus in vers 15 verwys na die hare van die vrou, wat vir haar 'n eer is en gegee is as 'n bedekking. (Huls, p. 40; Van Hartingsveld, 1977, p. 43 e.v.).

### 6.2.2 'n Vreemde voorwerp naas die hare op die hoof van die vrou.

Die referent is oortuig dat eersgenoemde moontlikheid wel as eerste bedekking genoem word, maar dat dit in hierdie perikoop ook om 'n tweede bedekking, naas die hare gaan. (Coetzee, 1977 p. 9; Grosheide, p. 292 e.v.; Jager, p. 251; N.G. Kerk Agenda, 1978, p. 317; Van Graan, 1979, p. 652).

Die woorde **akatakaluuptō** – met onbedekte hoof (vers 5)

**oe katakaluuptetai** – hoof nie bedek nie (vers 6)

**katakaluuptestho** – laat sy haar hoof bedek (vers 6),

is van bepalende betekenis in hierdie gedeelte. Dit gaan in verse 4 tot 6 om 'n vreemde voorwerp of tweede bedekking, bo-op die hare van die vrou, wat van haar kop afhang.

Die woorde **kata kefalês echon** dui daarop om iets op die hoof te hê wat neerhang, na onder hang. (Baur, 1974, p.406; Funk, 1973, p. 150; Nunn, 1969, p. 31).

In vers 6 sê die apostel:" Want as 'n vrou se hoof nie bedek is nie, laat sy dan haar hare afsny; maar as dit vir 'n vrou lelik is om haar hare af te sny of te skeer, laat sy haar hoof bedek".

Die apostel Paulus stel dit aan die vroue van Korinthe: As 'n vrou se hoof nie bedek is nie, met ander woorde as sy nie 'n vreemde voorwerp naas die hare op die hoof het nie, laat sy dan haar hare, haar eerste, natuurlike bedekking afsny.

[38] Die apostel gebruik in vers 15 die voorsetsel "anti" wat tweërlei betekenis het nl. **in plaas van** (in die plek van) 'n bedekking of **tot** 'n bedekking. Op grond van vers 6 moet vers 15 verstaan word. Die voorsetsel dui in hierdie verband nie op die hare van die vrou **in die plek van** die hoof bedekking nie. Dit dui op die hare wat aan die vrou gegee is **as** 'n bedekking of **tot** 'n bedekking. (Baur, p. 73; Harris, p. 1179).

### 6.2.3 Slotsom

Die hare van die vrou soos genoem in vers 15 is aan die vrou gegee as 'n bedekking en vervul die funksie van 'n natuurlike, eerste bedekking. In vers 6 is daar egter duidelik sprake van 'n vreemde voorwerp bo-op die hare wat die funksie vervul van 'n tweede bedekking. As daar dus verwys word na die hoofbedekking van die vrou, dan moet daar aan die tweede bedekking gedink word.

## *6.3 Die hoofbedekking- 'n eie Christelike voorskrif?*

Ten einde hierdie probleemstelling te kan beantwoord, moet die sedes onder die verskillende volkere van daardie tyd nader bekyk word.

## 6.3.1 Die gebruik by die Jode

### 6.3.1.1 In die openbaar

Van Bruggen (p. 42) wys dié verklaring af dat die apostel Paulus by of 'n heidense of Joodse sede van daardie tyd aansluit.

Die vraag is of Van Bruggen hierin gelyk het?

Die Joodse mans was nie in die Nuwe Testamentiese tyd gebonde om 'n hoofbedekking te dra, as hulle in die openbaar verskyn het nie. Die Halakha, ('n Middeleeuse geskrif) het van die Joodse vrou verlang om met 'n bedekte hoof in die openbaar te verskyn. Die verskyning sonder 'n hoofbedekking in die openbaar was nie vir 'n getroude vrou toelaatbaar nie. Wie so op straat verskyn het, het haarself tot skande gemaak (Strack und Billerbeck, p. 427).

Naas die bedekking van die hoof, het die getroude vrou ook 'n omhulling of bedekking van die gesig gedra. Die Joodse vroue was onder 'n verpligting om hul hoofde te bedek. Van Bruggen (p. 42) haal Strack en Billerbeck (p. 427) verkeerdelik aan. Eersgenoemde laat nie reg geskied aan laasgenoemde se uiteensetting oor die hoofbedekking van die vrou nie. (Käsemann, 1969, p. 210; Mundle, 1976, p. 213; Oepke, 1976c, p. 561-563; Van Hartingsveld;1977, p.43e.v.; Van Wyk, 1980, p. 3).

[39] Strack en Billerbeck (p. 427) ontken geensins dat die vroue 'n hoofbedekking moes dra, wanneer hulle in die openbaar verskyn het nie. Hy voer egter aan dat daar nie aan 'n sluier gedink moet word nie. Om in dié verband aan 'n sluier te dink soos wat die Oosterse vroue gedra het, is hier uitgesluit Volgens die Mishna was daar slegs gesluierde Jodinne in Arabië te vinde. Hieruit is dit duidelik dat die sluier nie in Palestina in gebruik was nie, maar wel 'n HOOFBEDEKKING.

By die Jode het 'n jong bruid juis met 'n ontblote hoof op haar troudag verskyn. Dit was 'n bewys van haar maagdelikheid. As dit aangeneem word dat die onbedekte hoof vroeër 'n sinnebeeld van vryheid was, dan dui die verskyning van die bruid met ontblote hoof dat sy nog vry is. Sy is nog nie onderworpe aan die gesag van 'n man nie. Eers met huweliksluiting was sy onderworpe aan die gesag van haar man.

As uiterlike teken van haar veranderde status, as getroude vrou, het sy na die huwelik haar hoof bedek. 'n Joodse getroude vrou het met bedekte hoof in die openbaar verskyn om juis daarmee te betuig dat sy die mag van haar man oor haar erken. In dié verband kan slegs opgemerk word dat die voorafgaande veel lig werp op 1 Kor. 11:10: "Daarom moet die vrou 'n (aanduiding van) gesag op die hoof hê ter wille van die engele" (Strack und Billerbeck, p. 435).

### 6.3.1.2 In die Joodse erediens

In die Joodse erediens het sekere mans die gewoonte gehad om die hoof te bedek. Hier moet veral aan die ortodokse en wetsgestrenge Jode gedink word. Alhoewel die Joodse mans nie onder sodanige verpligting was nie, het sekere Jode by gebed, by aanbidding in die sinagoge, by regspraak, by siekebesoek en by afwagting van die Sabbat hul hoofde bedek (Strack und Billerbeck, p. 425).

Die getroude vroue daarenteen moes op dieselfde wyse in die erediens verskyn as wat hulle in die openbaar verskyn het In die Joodse erediens was 'n vrou sonder hoofbedekking ondenkbaar.

### 6.3.1.3 Slotsom

Die Joodse getroude vroue het nóg in die openbaar, nóg in die erediens sonder 'n hoofbedekking verskyn. Dit was ook nie ongehoord dat sekere Joodse mans én in die openbaar én in die sinagogale erediens 'n hoofbedekking gedra het nie. [40]

## 6.3.2 Die gebruik by die Grieke

### 6.3.2.1 In die openbaar

Wilcox (1954, p. 13) merk in die verband op: "As a rule, the Greeks, men and women were bareheaded. A luxuriant growth of hair was characteristic of them and they were used to sunshine. But in inclement weather and on long journeys men wore a broad-brimmed wool hat with a low crown. Women too, when they went travelling, wore wide-brimmed hats".

Hierdie standpunt van Wilcox is nie die volle waarheid nie. Daar kan nie kategories beweer word dat die Griekse vrou NOOIT 'n hoofbedekking gedra het nie.

St. John (ongedateerd, p., 52) wys op die teendeel. Syns insiens het 'n getroude vrou net nie sonder haar sluier in die openbaar verskyn nie. "The married women led more retired lives and when they went abroad, fashion were that they should be veiled as we learn from the following apophthegm of Charillos who being asked why the maidens went abroad uncovered while the matrons concealed their faces, replied: Because it is incumbent on the former to find themselves husbands, on the latter only to keep those they have".

St. John (p. 56) maak 'n sterk saak uit dat die Griekse getroude vroue, soos die Oosterse vroue van daardie tyd selde sonder 'n sluier of hoofbedekking in die openbaar verskyn het

In die vroeë eeue van die Romeinse en Griekse beskawing het 'n getroude vrou net nie sonder 'n hoofbedekking in die openbaar verskyn nie. In die tweede eeu voor Christus het 'n eerbare staatsman selfs van sy vrou geskei omdat sy met onbedekte hoof in die openbaar verskyn het Twee eeue later, ± die geboorte van Christus, was hierdie gewoonte nie meer algemeen geldende praktyk nie. Vroue van adellike families het na willekeur, met hoofbedekking of daarsonder, in die openbaar verskyn. Dit het by die vrou self berus of sy 'n hoofbedekking wou dra of nie (Wilson, ongedateerd, p. 150).

Die Griekse vroue, asook die Romeinse het meestal 'n kleed gedra waarby 'n omslagdoek gehoort het, 'n soort stola, wat 'n mens oor die hoof kon slaan. Vroeër was dit selfs 'n sede gewees om nie sonder hierdie **palla** in die openbaar te verskyn nie. In die dae van die apostel Paulus was die getroude vroue vry om hierdie **palla** oor die hoof te slaan, of terug te slaan (Van Bruggen p. 45).

[41] Sodanige hoofbedekking sou 'n man nooit dra nie. Die **palla** was van huis uit 'n teken van vroulike onderdanigheid. Nie die man nie, maar die vrou moes haar hoof bedek. In die hellenistiese wêreld het die modes baie gewissel (Van Bruggen, p.45). In die tyd van die apostel Paulus en in die tyd toe die eerste brief aan die Korinthiërs geskryf is, (± 55-57 n.C.) was dit geensins meer 'n MOET dat 'n getroude vrou die **palla** moes dra nie,

Al was daar in die tyd van die Grieke en Romeine 'n tyd waarin die vroue met bedekte hoofde in die openbaar verskyn het, dan was dié sede in die dae van die skrywe aan die Korinthiërs vir goed verby. Die apostel skryf dus in 'n tyd waarin die vroue nie meer met 'n hoofbedekking in die openbaar moes verskyn nie. (Van Bruggen, p. 42; Wilson, p. 150).

### 6.3.2.2 In die "erediens"

Daar bestaan geen twyfel oor die feit dat én die man én die vrou (getroud of ongetroud) met ONBEDEKTE HOOFDE in die "erediens" aanbid het nie. In die verband kan verwys word na die Demeter en Hagna-kultus te Andania en van die Despora-kultus te Lycosura (Codet, p. 490; Morris, 1960, p. 152; Parry, 1916, p. 113; Van Graan, 1979a, p. 559, 562).

### 6.3.2.3 Slotsom

'n Man het nie met 'n hoofbedekking in die openbaar verskyn nie. In die tyd toe die eerste Korinthiërbrief geskryf is, was dit nie meer absoluut ondenkbaar vir 'n getroude vrou om sonder hoof bedekking in die openbaar te verskyn nie. In die Griekse "erediens" was 'n vrou met bedekte hoof, (so ook die man) absoluut ondenkbaar.

### 6.3.3 'n Eie Christelike voorskrif of praktyk

Enige skrifverklaarder wat beweer dat die apostel Paulus nie aansluit by die sedes van daardie tyd of die betekenis van die sedes van daardie tyd nie, doen afbreek aan die ware karakter van Paulus se prediking. Die apostel Paulus sluit ALTYD in sy prediking aan by die besondere omstandighede van sy hoorders of die geadresseerdes in sy briewe.

6.3.3.1 As Paulus vir die Jode preek, dan sluit hy by hulle besondere omstandighede aan. Hy begin by die dinge wat aan hulle bekend is. Hy verkondig Jesus as die vervulling van die Ou Testament. So preek hy in [42] Antiochië dat die God van Israel hulle vaders uitverkies het, dat Hy Dawid aan hulle gegee het as koning en dat Hy volgens die belofte Jesus as Verlosser verwek het (Hand. 13:13-52) (Van Wyk, 1978, p. 5 e.v.).

6.3.3.2 As Paulus tot die heidene preek, dan sluit hy hom aan by die situasie van die Grieke. Hy sluit aan by die altaar vir die onbekende God. By die heidene neem hy nie die Ou Testament as vertrekpunt nie, (soos by die Jode nie) want dit was onbekend aan die Grieke. Paulus begin by dit wat vir hulle bekend was en span die Griekse poësie in. Hy sluit aan by die Griekse digter Aratus om so die ware God aan die heidene te verkondig (Hand. 17:15-34) (Vgl. ook Van Wyk, p. 6 e.v.).

6.3.3.3 Wanneer die apostel tussen die jare 55 – 57 na Christus die eerste brief aan die Korinthiërs skryf, dan sluit hy weereens aan by die sedes van EN die Jode EN die Grieke. Tog volstaan die apostel nie maar net hierby nie. Hy skep 'n eie Christelike praktyk wanneer in die erediens byeengekom word – ANDERS as by die Jode en die Grieke.

Paulus sluit in dié sin aan by die sedes van sy tyd dat hy 'n voorskrif of opdrag gee wat nie werklikheidsvreemd is nie. Dit is dus nie iets wat ondenkbaar sou wees vir die Joodse en Griekse Christene in die gemeente van Korinthe nie. Daar is inderdaad kenmerkende ooreenkomste met die gebruike van daardie tyd. Hierdie gewoontes en gebruike is egter diensbaar aan die evangelie. Dit werp lig op die voorskrif in 1 Kor. 11:4–6 wat 'n eie unieke, Christelike praktyk is.

Wie hierdie OPDRAG van die apostel Paulus afmaak as 'n TYDSGEBONDE uitspraak, maak van die Goddelike "oorlewering" of evangelie bloot iets mensliks. Daarom dui die referent hierdie gedeelte aan as tydgerig – dit is aktueel, werklikheidsgetrou en in aansluiting by die kultuur en gewoontes van daardie tyd.

Die opdrag dat 'n vrou die hoof moet bedek is nie maar 'n opdrag, net vir die Korinthiërs nie. Dit is 'n opdrag vir die kerk van alle eeue.

**6.3.3.3.1 Motivering**

6.3.3.3.1.1 Daar is nie net kontinuiteit nie, (aansluiting by die gewoontes van die Jode en die Grieke nie), maar ook diskontinuiteit (iets unieks, iets met 'n eie karakter, onderskeie van die genoemde gewoontes). Die gebruik wat vir die Christene in Korinthe voorgeskryf word, is nie die replika van die gewoontes by die Jode en die Grieke nie. [43]

6.3.3.3.1.2 Paulus gebied die Korinthiërs om slegs in die erediens 'n hoofbedekking te dra en nie ook in die openbaar nie. Daar waar God ontmoet word, in die erediens, dit is in die samekoms van die gemeente, MOET die vroue hul hoofde bedek.

6.3.3.3.1.3 In stryd met die gewoonte by die Grieke (man en vrou met onbedekte hoofde) en by die Jode (sekere mans met bedekte hoofde en alle vroue met bedekte hoofde) in hul "erediens," MOET die Christenvroue van Korinthe hul hoofde bedek en die mans nie.

**6.3.3.4 Slotsom**

6.3.3.4.1 Die prediking van die apostel Paulus aan die Korinthiërs is AKTUELE prediking. Dit sluit aan by die gewoontes, sedes, kultuur(e) van daardie tyd. Dit is dus TYDGERIGTE PREDIKING.

6.3.3.4.2 Tog het ons hier te doen met 'n eie unieke Christelike voorskrif wat die

tydgerigtheid transendeer, universeel is, en dus geld vir die kerk, van alle tye.

6.3.3.4.3 Daarom is die hoofbedekking nie maar net 'n uiterlike, niksseggende, op die periferie-liggende aangeleentheid nie. Die hoof bedekking is evangelie – dit verkondig Christus. Dit betuig dat daar 'n Goddelike gesagsorde is waarin Christus die hoof is van die man en die man die hoof van die vrou.

### *6.4 'n Man met hoofbedekking onteer sy hoof. 'n Vrou sonder hoofbedekking onteer haar hoof*

Die apostel Paulus word in die aanwending of gebruik van die Griekse taal wonderbaarlik gelei deur die Heilige Gees. Hiermee word nie 'n meganiese inspirasie van die Bybelskrywer bepleit nie. Dit bly steeds organies. Paulus word egter so gelei, dat hy die taal ten volle benut, ten einde die Godsopenbaring duidelik en helder te laat spreek. Codet (p. 498) merk in dié verband op dat ons hier met 'n fyn woordspeling te doen het. In die verband moet die hermeneutiese beginsel van verklaring van elke gedeelte, ook elke woord IN SY VERBAND NA EIE AARD, steeds in gedagte gehou word. Gedeeltes wat letterlik bedoel word, mag nie figuurlik verstaan word nie, tensy die Skrif hom daartoe leen. (vgl. p. 16 Grammaties-literêre eksegese).

Die apostel Paulus gebruik in hierdie perikoop die woord **kéfalé in tweërlei sin, naamlik letterlik (onoordragtelik) en figuurlik (oordragtelik). In vers 3 word die woord driemaal in oordragtelike sin gebruik. Daar word in terme van ondergeskiktheid en gemeenskaplikheid geredeneer.**

[44] In verse 4 en 5 word die woord kéfalé vier keergebruik. Twee uit die vier keer word hierdie woord sonder twyfel letterlik (onoordragtelik) gebruik en dit dui op die fisiese kop van die man en die vrou. Die vraag wat die skrifverklaarder moet beantwoord, raak die probleem in welke verband of betekenis Paulus die ander twee woorde gebruik.

Die skrifverklaarders is nie eenstemmig oor die verklaring van hierdie twee woorde nie. Sommige verklaarders verklaar die woorde: "... doen sy/haar hoof oneer aan" in letterlike of onoorganklike sin. Daar word dan aangevoer dat die apostel veel skerper sou reageer het, as die mans hul figuurlike hoof, dit is Christus, oneer sou aandoen. Dieselfde geld vir die vroue. Pop (231) is van mening dat indien 'n man sy hoof (kop) sou bedek dan sou dit voorkom asof daar iets skandeliks aan dié liggaamsdeel sou wees. En dit terwyl hy in die heilsplan van God bestem is met 'n gesig waarop geen bedekking meer is nie

Vir die vrou geld die teendeel. Die ontblote kop beroof haar van iets wat sy aldus Pop (231 e.v.) juis moet bewaar naamlik haar vrou-wees. Wat vir die man 'n eer is, is vir die vrou tot skande, in stryd met haar vrou-wees.

Van Bruggen (p. 44) voer aan dat die uitdrukking "tot skande maak", nie op Christus van toepassing gemaak kan word nie. Syns insiens kan ons die Here wel bedroef en vertoorn, maar kan God nie tot skande maak nie. Dit moet s.i. letterlik betrek word op die kop van die man.

Volgens Grosheide (p. 292) is die figuurlike betekenis in dié verband nie aanvaarbaar nie. Hy beweer dat ons hier 'n bloot hipotetiese geval het en dat daar in die eerste gebruik, nie aan Christus gedink kan word nie en t.o.v. die tweede gebruik nie aan die man gedink kan word nie. Grosheide motiveer sy saak as volg: die apostel Paulus se betoog is juis daarop gerig dat die natuurlike orde nie versteur word nie. Die geestelike is nie hier ter sprake nie. Indien dit figuurlik bedoel word dan sal vers 7 aldus Grosheide oorbodig wees. Grosheide volstaan met 'n argument wat hy ongemotiveerd laat, as hy beweer dat hierdie verse nie op vers 3 kan slaan nie, aangesien dit syns insiens 'n eie plek in hierdie betoog sou hê.

Morris (p. 152) verklaar dat die woord kéfalé in die eerste plek op die fisiese hoof dui (letterlik), maar hy gee toe dat dit ook op die geestelike hoof soos vermeld in vers 3 kan dui.

By die referent bestaan daar op grond van die oorspronklike teks weinig, indien enige twyfel

dat die apostel Paulus die woord hoof, in die eerste plek in geestelike, figuurlike, oordragtelike sin gebruik. Hierdie woord dui in die tweede plek, ook op die fisiese kop van die man en die vrou. [45]

**Motivering**

1. Pop wil dat Paulus skerper moes reageer in hierdie, perikoop ten einde 'n figuurlike betekenis aan hierdie woord te verleen (in die betrokke verse 4, 5). Die vraag wat ontstaan is of Pop nie kennis geneem het van die woorde in vers 3 nie. Dit is so oorweldigend en kon nie "sterker" bewoord gewees het nie. Paulus benader onder inspirasie van die Heilige Ge|es hierdie hele probleem vanuit die Goddelike gesagsorde, vanuit die verhouding tussen Christus en God.

2. Die veronderstelling van Pop dat Paulus sou bedoel dat daar iets skandeliks aan die liggaam van die man en die vrou sou wees, moet afgewys word. Wie die woord képhalé (2e gebruik respektiewelik) by die man en by die vrou bloot letterlik opneem, gaan juis die weg op om die hoofbedekking of iets anders in die sentrum van hierdie perikoop te plaas. Die referent het reeds genoegsaam aangetoon dat die uitgangspunt van hierdie perikoop in vers 3 geleë is. In vers 3 gaan dit juis om VERHOUDINGE, God-Christus-man-vrou. In die Goddelike gesagsorde volgens vers 3 gaan dit dus om gesagsverhoudinge. Op die vlak van die verhouding man en vrou word die hoofbedekking ingespan as 'n aanduiding van die man se gesag. Die hoofbedekking vervul dus in die eerste plek 'n relasionele funksie.

3. Kan die woorde tot skande maak, tot oneer strek, op Christus van toepassing gemaak word? Van Bruggen wys dit af as onmoontlik. Ten einde die probleemstelling te kan beantwoord, moet die betekenis van die woord **kataischynó** van nader bekyk word. Hierdie woord kan die volgende beteken: om te skaam vir, beskaamd te maak, om oneer aan te doen, tot oneer te strek, te onteer (Baur, p. 411; Bultmann, 1976,189 e.v.). Hierdie is 'n woord wat 'n heel natuurlike en fisiese, seksuele konnotasie het. Hierin kan die skrifverklaarder sien dat Paulus weereens konkreet aansluit by die situasie van man en vrou in hul VERHOUDING tot mekaar. Wanneer die woord **kataischynó** gebruik word dan gaan dit o.a. om die skaad van 'n bepaalde verhouding met 'n persoon. Dit gaan om die beskaamd maak van iemand, die ontering van iemand of om iets te doen wat nie tot eer van die ander persoon strek nie.

   Hierdie woord kan dus op Christus slaan. Die man wat wel sy hoof bedek in die erediens (by bid of profeteer) skaad die verhouding tot sy Hoof Christus. Dit strek nie tot eer van laasgenoemde nie. Die vrou wat haar hoof nie bedek in die erediens nie (by bid of profeteer) skaad die verhouding tot haar aardse hoof, haar man. Calvyn (p. 187) kies vir die figuurlike verklaring en merk in dié verband op dat 'n vrou sonder 'n hoofbedekking in die erediens, verwerp die onderworpenheid aan haar man. [46]

4. Grosheide moet gelyk gegee word as hy opmerk dat die natuurlike orde nie versteur moet word nie. Tog wil die referent die opmerking van Grosheide afwys dat die geestelike nie hier ter sprake is nie en dus nie op die geestelike hoof (Christus en die man onderskeidelik) betrek kan word nie. In albei gevalle, by die man en die vrou gaan dit om iets of niks op die hoof by bid of profeteer. Dit gaan om die natuurlike verhouding tussen man en vrou, wanneer hulle in lewende gemeenskap tree met die Hoof van die Kerk naamlik Jesus Christus.

   Grosheide voer aan dat vers 7 oorbodig sou gewees het, as vers 4 en 5 teruggryp op vers 3. Sonder om sy verklaring te motiveer volstaan laasgenoemde bloot met die opmerking dat vers 4 en 5 nie 'n verdere uitbouing van vers 3 is nie. Dit het 'n eie plek in hierdie betoog. Dit wil voorkom asof Grosheide hierdie perikoop in sy geheel (eenheid) en in sy dele nie tot sy reg laat kom nie. Verse 4 en 5, waar die hoofbedekking ter sprake kom, dien die uitgangspunt in vers 3. Dit gaan nie om die hoofbedekking ter wille van die hoofbedekking, of die natuurlike ter wille van die natuurlike nie. Dit gaan om die regte plek

van die vrou in die gemeente (ook daarbuite) in onderworpenheid aan haar man.

Wat is nou die funksie van die hoofbedekking? Dit is 'n uiterlike vergestalting van die verhouding man-vrou binne die Goddelike gesagsorde.

"Elke man wat met 'n hoofbedekking bid of profeteer, doen sy **Hoof Christus** oneer aan. Maar elke vrou wat sonder 'n hoofbedekking bid of profeteer doen haar **hoof, die man,** oneer aan..." (Die Nuwe Testament en die Psalms, 1979, p. 281). Vergelyk ook The Amplified New Testament, The living New Testament in Layman's Parallel New Testament, 1976, p. 598 e.v.; Good News Bible, 1976, p. 215; Good News for Modern Man, 1966, p. 387 wat die figuurlike verklaring onderskryf.

Hierdie figuurlike, oordraaglike verklaring word onderskryf deur Calvyn (p. 186 e.v.), Codet (p. 498 e.v.), Huls (p. 40) en Jager (p. 252) en dien ter ondersteuning van die standpunt of verklaring van die referent.

5. Tog is die referent van mening dat die letterlike betekenis nie in hierdie perikoop uitgesluit is nie. Dit sou ook nie reg aan hierdie gedeelte laat geskied, as die skrifverklaarder verse 4 en 5 isoleer van dit wat in vers 5 en 6 vermeld word nie. In verse 5b en 6 tree die natuurlike weer baie sterk na vore. Vers 5b dui met die woorde "haar hoof" beslis nie op die geestelike hoof, haar man nie, maar op die letterlike kop van die vrou. [47]

**Slotsom**

Elke man wat **bid of profeteer** met bedekte hoof (kop), doen sy geestelike Hoof, asook sy liggaamlike hoof (kop), oneer aan. Elke vrou wat **bid of profeteer** met onbedekte hoof (kop) doen haar geestelike hoof (die man) en haar letterlike hoof (kop) oneer aan.

## *6.5 Onbedekte hoof en geskeerde hoof*

"Maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is. Want as 'n vrou se hoof nie bedek is nie, laat sy dan ook haar hare afsny; maar as dit vir 'n vrou lelik is om haar hare af te sny of te skeer, laat sy haar hoof bedek".

Die onbedekte hoof van die vrou in die erediens, word in verband gebring met iets wat afstootliks en vreemd aan 'n Christenvrou was in die openbare lewe. Die apostel gebruik in vers 6 die woord **aischron** wat in teenstelling gebruik word met die Griekse woord **kalos.** Laasgenoemde woord beteken dit wat mooi is, in ooreenstemming met die wese bv. van die vrou is. Eersgenoemde woord dui op dit wat onwelvoeglik, onbetaamlik, onsedelik, oneerbaar, onfatsoenlik is (Bagster, p. 10; Baur, p. 24; Bultmann p. 191). Codet (p. 503) verklaar dié woord as duidende op veral 2 sake naamlik fisieke lelikheid en onsedelikheid.

Die vraag is nou of hier 'n verband gelê kan word tussen die Christenvrou en die hoervrou? Wie is die geskeerde vrou? Codet (p. 502) toon aan dat slegs die vroue wat slawe was hul hoofde laat skeer het. By die Jode het dit gebeur met 'n vrou wat haar aan owerspel skuldig gemaak het.

Volgens Bigelow (1970, p. 39) het 'n getroude vrou in die Doriese tydperk haar hoof geskeer as 'n teken van onderdanigheid. Mans het dikwels die hoofde van ontroue vroue geskeer as straf.

Sekere skrifverklaarders maak heel tereg 'n sterk saak uit dat daar aan die ontugtige of hoervrou gedink moet word. Grosheide (p. 293) merk op dat die publieke, ontugtige straatvroue waarskynlik gewoond was om hul hare af te sny, dit tot op die vel te skeer (kaal te skeer). Coetzee (p. 11) en Groenewald (p. 139) is van mening dat geen eerbare getroude vrou, met onbedekte hoof in die openbaar verskyn het nie, maar wel die ontugtige vroue. Daar word dan aangevoer dat die Christenvrou wat die hoofbedekking ter syde stel, die risiko loop om vir 'n ontugtige aangesien te word. Dit sou slegs die slegte vrou wees wat ongesluierd en dikwels met kortgeskeerde hare rondgeloop het.

Die referent stem met dié verklaring saam, in soverre daar beweer word dat Paulus 'n vergelyking tref of 'n verband lê tussen die Christenvrou wat nie haar hoof bedek nie en die slegte vrou wat 'n aanstoot vir die gemeenskap is. Die referent is egter ook [48] van mening dat hier nie bloot aan die hoervrou gedink moet word nie. Paulus kan net sowel bedoel dat 'n vrou wat geëmansipeerd wil wees en nie die gesag van haar man oor haar wil erken nie (deur nie 'n hoofbedekking te dra nie), in stryd met haar vrou-wees optree.

As 'n Christenvrou die gesag van haar man verwerp (in haar hart en deur 'n onbedekte hoof) dan moet sy konsekwent wees. Die apostel wil die saak benadruk deur dit in verband te bring met die ongehoorde, (af-) aanstootlike en onnatuurlike. Wie die gemeenteverhoudinge deur 'n gees van emansipasie ontwrig, moet nie daar ophou nie. Sy wil mos soos 'n man wees, laat sy dan tot die uiterste gaan en haar hare kort skeer soos òf **die man** òf **die hoer.** Dan is dit in elke geval duidelik met wie 'n mens te doen het.

As dit "vir 'n vrou" lelik of skandelik is om so iets te doen, laat sy dan haar hoof bedek. Uit die verband is dit duidelik dat Paulus die vroue voor so 'n uiterste stel dat elke Christenvrou hiervoor sou terugdeins.

Om die getroude Christenvrou wat sonder hoofbedekking in die openbaar verskyn het, **dit is buite die erediens,** te wil identifiseer met die ontugtige, is ongegrond. Die referent het reeds voldoende aangetoon dat dit nie meer algemeen geldende praktyk was dat 'n getroude vrou met 'n hoofbedekking in die openbaar moes verskyn nie.

### Slotsom

Die vroue van Korinthe word gebied om hul hoofde SLEGS in die erediens te bedek. Wie dit nie in die erediens wil bedek nie, stel haar gelyk met die man, en wil nie haar regmatige plek in die Goddelike gesagsorde inneem nie. Dan moet sy maar voortgaan om in stryd met haar wese op te tree en heeltemal soos die man haar hare kort te sny, of soos die hoer, wat in elk geval vir die Christenvrou verwerplik sou wees. [49]

# HOOFSTUK 7: SUPREMASIE EN SUBORDINASIE

Verse 7 tot 10 is 'n verdere uiteensetting van die verhouding man en vrou binne die Goddelike gesagsorde soos gestel in vers 3. Hierdie verse is ook 'n nadere toeligting en MOTIVERING van dit wat in verse 4 tot 6 aan die orde gekom het naamlik die saak van die hoofbedekking, as uiterlike vergestalting van die verhouding man en vrou op grond van vers 3.


Alhoewel die hoofbedekking nie in die "sentrum" staan van hierdie perikoop (11:2-16) nie, vervul dit 'n baie belangrike funksie. Die skrifverklaarder wat die hoofbedekking wil wegwens in hierdie gedeelte, laat nie reg geskied aan hierdie gedeelte nie en sê minder as wat die teks sê.

**Motivering**

In hierdie perikoop word herhaaldelik teruggekom op die hoofbedekking:

> vers 4 – " ... met iets op die hoof..."
>
> vers 5 – " ... met onbedekte hoof..."
>
> vers 6 – " ... as 'n-vrou se hoof nie bedek is nie...", "... laat sy haar hoof bedek..."
>
> vers 7 – "'n man moet nie die hoof bedek nie"
>
> vers 10 – "Daarom moet die vrou gesag (hoofbedekking) op die hoof hê"
>
> vers 13- "Is dit betaamlik dat 'n vrou sonder hoofbedekking tot God bid".
>
> **[50]**

## *7.1. Skematiese voorstelling van verse 7-10*




**[51]**

## *7.2 Die man MOET NIE, die vrou MOET WEL*

### 7.2.1 Beeld en heerlikheid van God

Met hierdie motivering wil die apostel Paulus geensins ontken dat God beide man en vrou na sy beeld geskape het nie. In Gen. 1:26 e.v. sê God: "laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape".

Tog is daar 'n onderskeid of verskil tussen man en vrou as beeld van God. Die man word beskrywe *as* beeld **(eikón)** en heerlikheid **(doksa)** van God. Dié twee woorde word aan mekaar verbind met die koppelwoord **kai** (en). Laasgenoemde woord het nie maar bloot kopulatiewe betekenis nie, maar wel kwalifiserende betekenis. Dit staan bekend as 'n "kai-epeksegeticus". Die man is die beeld, dit is die heerlikheid van God.

Die apostel sê met hierdie twee woorde (beeld en heerlikheid) dat die beeld van God by die man daarin bestaan, dat iets van die heerlikheid van God van hom uitstraal. Dit is die heersersmag, die **doksa,** die **kâbôd** van die Here. (Jager, p. 255).

By die man berus die regeermag. In dié funksie is hy beeld en heerlikheid van God. Met ander woorde die man is "afglans" van God se gebiedende majesteit en heerskappy in sy posisie, binne die Goddelike gesagsorde. (Hommes, p. 99) Die man as heerlikheid van God wil dus sê dat hy in die huwelik en gesin die heerskappy ontvang het en hieraan het die vrou deel deur die huwelik.

### 7.2.2 Heerlikheid van die man

Dit val op aldus van Bruggen (p. 56) dat Adam by die skepping na die beeld van God, op die voorgrond tree. Hy is eerste, hy dra die naam, hy gee die diere name en niemand staan tussen hom en God nie. Die man is reëlreg die heerlikheid van God. Dit is hy wat die wysheid en krag uitstraal wat God se roem vermeerder. Die man kan egter nie al die dinge alleen behartig nie. Daarom gee God aan hom die vrou as 'n hulp. Die vrou is die heerlikheid van die man. Sy word volledig betrek in die onderwerping van die aarde. Die vrou ontvang egter haar plek en opdrag nie buite die man om nie, maar deur en in Adam. So kan die vrou alleen die beeld van God vertoon, as heerlikheid van die man, wat die heerlikheid van God is.

[52] God gee aan die man 'n plek voor en bo die vrou. Dit is die vrou wat afhanklik en onderdanig is aan die man. Die vrou is volgens Calvyn (p. 187) 'n uitnemende versiersel van haar man. Dit is vir die vrou 'n groot eer dat God haar daargestel het tot lewensmaat en hulp van die man.

Die man besit opsigself geen heerlikheid nie. Hy kan slegs die heerlikheid van God weerspieël. Daarin realiseer sy bestemming. So besit ook die vrou opsigself geen heerlikheid nie, maar sy kom tot volle verwesenliking deur die heerlikheid van die man te wees. (Pop, p. 234).

**Slotsom**

Die rede waarom die vrou haar deur middel van die hoofbedekking en die man hom daarsonder, in die erediens moet onderskei, is nie bloot 'n kwessie van mode en kleredrag nie. Dit het te doen met 'n verskil in heerlikheid (Groenewald, p. 140).

### 7.2.3 Supremasie en subordinasie – 'n verdere verduideliking

In verse 8 en 9 word 'n tweërlei fundering gebied, vir die feit dat die vrou die heerlikheid van die man is en dat die man die hoof is van die skepping en so ook van die vrou. Dit gaan in hierdie verse om die hoofskap, voorrang en uitnemendheid van die man voor en bo die vrou. Die apostel Paulus belig die supremasie- en subordinasie-verhouding nader deur te wys op die skeppingsorde en skeppingsdoel van die vrou. Die vrou is na, uit en ter wille van die man

geskape (Calvyn, p. 187; Christian Reformed Church, 1978, p. 516; Hommes, p. 99).

#### 7.2.3.1 Eerste fundering

"Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man". (vers 8).

Die apostel Paulus maak hier gebruik van die realiteite van die geskiedenis van die mensheid. (Van Bruggen p. 57). Wanneer God die man en die vrou skep, dan doen hy dit nie op dieselfde wyse nie. Gen. 2:7 vermeld hoedat God Adam uit die stof van die aarde skep en die asem van die lewe in sy neus blaas. So het die mens 'n lewende siel geword. Uit Gen. 2:22 is dit duidelik dat God vir Eva op 'n ander wyse skep as die man. God bou die vrou uit die rib van die man.

Schlatter (soos aangehaal deur Jager, p. 256) maak die ter sake opmerking dat die afhanklikheid van die vrou nie 'n gevolg is van die sonde nie, maar dit is skeppingsorde.

[53] Die man is eerste gemaak en toe die vrou. Die man het voorrang bo die vrou in die skeppingsorde. Dit word van toepassing gemaak op die gemeenteverhoudinge en ingeskakel in die verhewe gesagstruktuur met Christus en met God. In die Goddelike gesagsorde is die man ook VOOR en BO die vrou.

Die man is nie uit die vrou geneem nie. Hy is deur God uit die stof van die aarde geneem. As heerlikheid van God het die man 'n bepaalde plek en funksie. Die vrou het op grond van die skepping 'n bepaalde plek en funksie in verbondenheid met die man. Die vrou is uit die man geneem. Só het sy haar ontstaan en oorsprong uit die man.

#### 7.2.3.2 Tweede fundering

"Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man".

Die man het voorrang ten opsigte van die vrou in die skeppingsorde. Dit mag nie betwis word nie. Tog het die vrou nie maar net 'n bepaalde plek in onderworpenheid en in verbondenheid met die man nie. Sy het ook 'n bepaalde funksie wat haar nie ontsê mag word nie. Die vrou is ter wille van die man geskape, as hulp vir die man. Die rolle van man en vrou mag nie omgeruil word nie. Die vrou mag nie die sentrale plek in die lewe van die man inneem nie. Die feit dat hy hoof is van die skepping en 'n Goddelike opdrag het om uit te voer, is vir hom hoofsaak. Hierin lê dan ook die funksie van die vrou naamlik om 'n hulp te wees vir die man in die uitoefening van sy hoofskap oor die skepping en oor haar (Gen. 2:18) (Groenewald, p. 141).

Hierin is vervat dat die vrou haar vrou-wees tot volle ontplooiing laat kom deur vir die man 'n hulp te wees. Die vrou is nie minderwaardig nie. (Groenewald, p. 141 e.v.). Die eer van die vrou is geleë in ondergeskiktheid, tweede in bevel wees, ten opsigte van die skepping.

Die apostel gee in dié verband slegs feite weer. Hy gee nie 'n eie mening nie en bevestig ook nie 'n tydgebonde sienswyse van sy dae nie. Daar word slegs verwys na dit wat in die geskiedenis van die mensheid gebeur het. (Van Bruggen, p. 59).

Die man moet egter nooit vergeet dat hy nie sonder die vrou kon klaarkom nie. Die Heilige Gees laat juis sien dat die man alleen onvolkome was. Die man was hulpbehoewend. Die vrou word juis geskape om by die vertoon van die beeld van God, die man tot hulp te wees. Die skeppingsgeskiedenis konstateer dié belangrike saak: die man kan nie sy verantwoordelikheid op die vrou afskuif nie en die vrou [54] mag haar ook nie verselfstandig teenoor die man nie. So bied die skeppingsgeskiedenis die sleutel om die geheime van ons menslike bestaan te begryp. (Van Bruggen, p. 59).

So bepaal die "BEGIN", die verhoudinge in die toekoms. Saam van Van Bruggen (p. 60) kan dus gesê word: vandag nog geld vir die nageslag van Adam en Eva, die manlike en vroulike geslag: "Die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man".

**Slotsom**

In verse 7-10 word die onderskeid man en vrou skeppings-gefundeer. In vers 7 word die feitelikheid DAT die man nie sy hoof moet bedek soos die vrou nie, gelegitimeer vanuit die skeppingsorde en skeppings-funksie van die man. In vers 10 word die feitelikheid DAT die vrou WEL haar hoof moet bedek, anders as die man, gelegitimeer ook vanuit die skeppingsorde en die funksie van die vrou. (vgl. Van Bruggen, p. 54). [55]

# HOOFSTUK 8: DAAROM MOET DIE VROU 'N GESAG OP DIE HOOF HÊ

Vers 10 begin met die woord DAAROM. In die Grieks word twee woorde gebruik wat dui op 'n samevattende konklusie of konkluderende opmerking. Hierdie vers berus op die voorafgaande verse. Die feit dat die vrou die heerlikheid van die man is, (vers 7b) uit die man geskape is (vers 8) en ter wille van die man gemaak is (vers 9) gaan logies vooraf aan hierdie konklusie.

Die apostel Paulus gebruik in vers 10 dieselfde woord wat hy in vers 7 gebruik het, naamlik **ofylyn.** Dit beteken om verskuldig te wees. Hierdie woord het 'n oproep tot gehoorsaamheid in hom opgeslote. Sommige verklaarders wil hierdie woord verklaar as synde nie dwingend en gebiedend nie. Dié verklaring moet afgewys word. Die meerderheid skrifverklaarders is dit eens dat hierdie woord 'n VERPLIGTING aandui. Jager (p. 255) verklaar dié woord as volg: "schuldig zijn, behoren, zedelijk verplicht zijn. Niet voor physische dwang, maar voor verplichting krachtens Gods wil". Hierdie verklaring word onderskryf deur Baur (p. 603), Calvyn (p. 188), Codet (p. 503 e.v.), Groenewald (p. 141), Grosheide (p. 296) en Nederduits Gereformeerde Kerk Agenda (p. 317).

Skrifverklaarders verskil oor die verklaring van "'n gesag op die hoof hê". Van Bruggen (p. 61) merk tereg op dat die Griekse woord wat in die verband gebruik word dui op gesag, seggenskap, mag, bevoegdheid.

8.1 Van Bruggen (p. 64) is van mening dat vers 10 nie regstreeks oor die hoofbedekking as teken van onderdanigheid handel nie. Dit skakel syns insien 'n indirekte sinspeling op die hoofbedekking uit. Genoemde skrifverklaarder motiveer sy verklaring as volg:

8.1.1 Die apostel Paulus vereis 'n mag op die hoof. Daar moet veel toegevoeg word aan die woorde van die apostel, om dit daarin te lees, dat die vrou 'n hoofbedekking moet dra, as teken van haar onderwerping aan die gesag van die man (p. 63).

8.1.2 In verse 5-6 het die apostel hom beperk tot bid en profeteer, maar vers 10 word onbeperk, in die algemeen gestel. Vers 10 sluit na sy algemene formulering aan by verse 8 en 9 waar die vrou die heerlikheid van die man genoem word, sy is ter wille van die man geskape. (p. 63).

8.1.3 Vers 10 moet in elk geval met die gesag van die man as hoof van die vrou te doen hê. Dit het egter nie met die hoofbedekking in vers 5 te make nie (p. 63). [56]

8.1.4 Die uitdrukking "gesag hebben" beteken in die algemeen gesag uitoefen. Gevolglik word beweer dat die vrou nie vry is om haar eie kop te volg by bid en profeteer nie. Sy moet haarself onder kontrole hou, want sy is daar ter wille van die man. Dit gaan vir Van Bruggen (p. 65) om "selfbedwang".

8.2 Grosheide (p. 296) onderskryf die verklaring in 1.4 dat die woord gesag dui op die bevoegdheid van die vrou om van haar Christelike vryheid gebruik te maak. (vgl. ook Brown, 1976, p. 161; Groenewald p. 161; Pop, p. 236).

8.3 Die referent wil genoemde verklaring(s) afwys. Die gesag op die hoof moet nie verklaar word as duidende op die eie bevoegdheid of gesag van die vrou nie. Die hoofbedekking is juis in aansluiting by die voorafgaande, aanskoulike onderwys van die gesag van die man oor die (sy) vrou.

**Motivering**

8.3.1 Van Bruggen maak hom skuldig aan 'n aantal onduidelike en teenstrydige opmerkings:

8.3.1.1 In verse 4 en 5 beperk die apostel hom tot bid en profeteer, aldus Van Bruggen (p. 63) terwyl hy in vers 10 met 'n algemene formulering kom wat onbeperk gestel word. Tog gryp Van Bruggen (p. 64) self terug op verse 4 en 5 as hy die **gesag van die vrou** van

toepassing maak op bid of profeteer.

8.3.1.2 Daar word toegegee dat vers 10 met die **gesag van die man** as hoof van die vrou te doen het (p. 63). Tog trek hy 'n streep deur hierdie verklaring as hy aanvoer, dat dit in vers 10 gaan om die gesag, selfbedwang wat die vrou oor haarself uitoefen (p. 64 e.v.)

8.3.2 Van Bruggen maak 'n ongegronde skeiding tussen verse 7 tot 9 en verse 4 tot 6. Die referent het reeds genoegsaam aangetoon dat verse 7 tot 10 ten nouste saamhang met die voorafgaande verse. Vers 10 stel dieselfde saak aan die orde as vers 7, naamlik die hoofbedekking. Daar moet gelet word op die ringskomposisie in hierdie verse, wat die motivering en fundering vanuit die skepping insluit.

Die hele perikoop (11:2-16) handel oor die verhouding man en vrou binne die Goddelike gesagsorde. Die man is hoof van die (sy) vrou. Dit blyk uit die aanduiding van gesag op die kop van die vrou. Van Bruggen gee toe dat hierdie vers oor die gesag van die man handel, maar besluit dan self dat dit nie van toepassing kan wees op die hoofbedekking in vers 5 nie. [57]

8.3.3 Vers 10 handel oor "gesag" op die kop. Die voorsetsel **epi** (op) kan in die Grieks gebruik word ter aanduiding van die gesag wat iemand oor 'n ander het (vgl. Turner soos aangehaal deur Van Bruggen p. 64).

8.3.4 "Gesag" moet verstaan word as teken van gesag. Dit gaan nie om gesag wat uitgeoefen word deur die vrou nie, maar om gesag wat ondergaan word.

Die vrou moet op die kop die aanduiding van die gesag dra, waaronder sy gestel is. In vers 10 word 'n metonimia of oornoeming gebruik. Hierdie stylfiguur hou in dat 'n saak nie direk genoem word nie, maar deur iets aangedui word, wat daarmee in verband staan. Die hoofbedekking word dus aangedui met die saak van gesag, wat in hierdie perikoop ten nouste met eersgenoemde saak verband hou. (Calvyn, p. 188; Conzelmann, p. 223; Codet, p. 506; jager, p. 257).

Die woorde "gesag op die hoof" moet in sy verband verklaar word. In hierdie perikoop gaan dit juis om hoofskap van die man oor die (sy) vrou. Die man as hoof oefen gesag uit oor die (sy) vrou. Dit kom tot openbaring in die aanduiding van gesag op die kop van die vrou (Hommes, p. 93).

### 8.4 Slotsom

Die vrou moet 'n hoofbedekking dra in die erediens, want dit dui op die gesag, wat die man as haar hoof oor haar uitoefen.

[58]

# HOOFSTUK 9: TER WILLE VAN DIE ENGELE

Dit is uiters moeilik om hierdie gedeelte te verklaar, aangesien verdere verwysinge na die engele ontbreek. Die vraag wat by 'n mens opkom is: wat het die engele met die hoofbedekking te doen?

Enkele verklaarders wil in dié verband aflei dat die apostel Paulus nie die letterlike hemelse wesens aandui nie, maar die leraar van die gemeente. Hierdie verklaring moet as onjuis afgewys word. Die apostel Paulus gebruik die woord "angelos" nooit as aanduiding van die engel of leraar van die gemeente soos bv. in die boek Openbaring nie. (Schmoller, 1973, p. 7; Calvyn. p. 188).

Die waarskynlikste verklaring is dat die apostel Paulus doodeenvoudig die engele as hemelse wesens voor oë het Vers 10 sluit nie alleen by die vooraf gaande aan nie, maar dit dien ook as 'n oorgang na vers 11 waar die herskepping aan die orde kom.

Die engele was nie alleen getuies van die skeppingsgebeure nie. Hulle was ook getuies van die sondeval en die verwoestende gevolge daarvan. Nou verwag hulle egter die herstel van die aarde. Hulle was getuies van die herskeppingswerk van God in Christus, die Hoof van die kerk. (Van Bruggen, p. 67).

Die vroue in die gemeente het nie net met die mans te doen nie, maar ook met die engele. Die engele is getuies van die doen en late van alle mense (1 Kor. 4:9). Volgens Hommes (p. 94) is hulle ook bewaarders van die skeppings- en herskeppingsorde. Dit is volgens laasgenoemde nog 'n rede waarom die vrou haar vryheid, in gebondenheid aan die man, gehoorsaam tot openbaring moet laat kom, in die vorm van 'n hoofbedekking.

Lukas 15:7 en 10 maak melding van die blydskap onder die engele oor een sondaar wat hom bekeer. Hoeveel te meer sal daar nie smart in die hemel wees, oor die vroue in die gemeente wat teen God se wil optree nie (Codet, p. 507). Op grond van Luk. 15:7 en 10 is dit duidelik dat die engele intens meeleef met die heilswerk van God op aarde, soos dit tot openbaring kom in die gemeentelewe. Die vroue is ter wille van én die man én die engele verplig om 'n hoofbedekking te dra. (Jager, p. 257; Pop, p. 237).

Groenewald (p. 142) maak dié ter sake opmerking, dat die verwysing na die engele, nie net op die natuurlike, aardse verhoudinge dui nie. Dit gaan ook om die geestelike of hemelse verhoudinge. Die mens moet sy lewe inrig met die oog op die toekomstige heerlikheid. [59]

### Slotsom

Die woord **angeloi** dui op hemelse wesens. Daar bestaan 'n noue verband tussen die natuurlike en die geestelike, die aardse en die hemelse. Daarom moet 'n vrou die kop bedek ter wille van die (haar) man en ter wille van die engele.

# HOOFSTUK10: SKEPPING EN HERSKEPPING

Sedert die skepping is die vrou onderworpe aan die heerskappy van die man. Die vrou is na, uit en ter wille van die man geskape. Met die sondeval word die orde egter omgekeer. God handhaaf egter die grondskema van die lewe – die heerskappy en voorrang van die man, teenoor die ondergeskiktheid en afhanklikheid van die vrou (Hommes, p. 75 e.v.)

In vers 11 word die skepping en die herskepping met mekaar in verband gebring. Dié vers begin met die woordjie **plen.** Dit beteken: maar, tog, nogtans, nietemin. Hierdie woordjie hef nie die voorafgaande op nie, maar plaas die hele beredenering in die regte perspektief. Dit beklemtoon juis wat belangrik is (Baur, p. 675).

Die apostel Paulus wil alle misverstande uit die weg ruim. Eintlik sê hy: wag 'n bietjie! Moenie die voorafgaande eensydig sien nie. Daar is ook 'n ander kant van die saak. Die verhouding man en vrou moet ook vanuit die herskepping besien word. Die herskeppingsverhouding word aangedui met die woorde "in die Here".

## 10.1 In die Here

**Ongelyk, gelykwaardig en afhanklik**

Die woorde "in die Here" dui in hierdie vers op die nuwe lewe in Christus. Die ondergeskiktheid van die vrou aan haar man word in die Here geheilig. In die herskepping het ons nie met iets anders as by die skepping te doen nie. Dit gaan juis om die herstel van dit wat oorspronklik was. Dit is ook van toepassing op die oorspronklike verhouding tussen man en vrou. Die man word in die herskepping herstel as beeld, naamlik die heerlikheid van God. Soos in die begin kan die man nie sonder die vrou klaarkom nie. Hy het haar nodig as hulp om sy roeping te vervul. Die vrou op haar beurt word herstel as die heerlikheid van die man.

Man en vrou is soos by die skepping, ook by die herskepping ÉN ongelyk ÉN onlosmaaklik aan mekaar verbonde. "In die Here" is die man nie sonder die vrou nie en die vrou ook nie sonder die man nie. Elke gelowige man en elke gelowige [60] vrou is ook broeder en suster. Alhoewel man en vrou op grond van die skepping ongelyk is, is hulle in die Here volkome gelykwaardig. Die vrou het deel aan dieselfde en volle verlossing in Jesus Christus. Hierin gaan die man die vrou nie vooruit nie. (Gal. 3:28). Daar is nou tussen hulle as gelowiges die gemeenskaplike gebed, die onderlinge geestelike bystand en gesamentlike arbeidsaamheid. (Codet, p. 509).

In vers 12 sluit die apostel Paulus aan by wat hy in vers 8 geskryf het: "die vrou is uit die man". Die Here het die eerste vrou uit die liggaam van die man geskape. Die apostel wil egter iets anders by sy lesers tuisbring. "Want soos die vrou uit die man is so is ook die man deur die vrou". Die mans wat hulle tog bokant die vrou wil verhef omdat sy uit die man geneem is, word tot orde geroep. Volgens Gen. 3:20, word Eva, wat uit Adam geneem is, moeder van alles wat lewe. Adam eer haar as moeder van die mense wat nog gebore moet word. Hierdie feit word daagliks bewaarheid. Geen man kom in die wêreld sonder 'n vrou, sy moeder nie. Hy is deur haar. (Van Bruggen, p. 72). (vgl. ook Calvyn p. 189; Codet, p. 510).

Die man is geroepe om hoof te wees van die vrou, maar met dien verstande dat hy steeds onthou dat hy, en so die hele menslike geslag deur die vrou in die wêreld gekom het. (Van Bruggen, p. 73).

## 10.2 Uit God

Nóg die man, nóg die vrou het hulle ontstaan aan hulleself te danke. Alle dinge, ook man en vrou is uit God. As God die vrou nie uit die man geneem het nie, dan was sy nie daar nie. As Hy nie aan die vrou vrugbaarheid gee nie, kan sy ook nie die man en so die menslike geslag in die wêreld bring nie. (Van Bruggen, p. 73).

Van Bruggen (p. 74) vat dit raak saam as hy opmerk dat man en vrou mekaar moet ontvang

as gawes van die Here. Wanneer dit gebeur, dan leer dankbaarheid vir die gawe, ook respek vir die wette van die Gewer. So is die erkenning van die deur God gewilde plek van man en vrou in hierdie wêreld, ten diepste 'n saak van godsdiens. Beide man en vrou word geroep om te erken dat geen vrou sonder man, geen man sonder moeder, is nie, maar GEEN MENS IS SONDER GOD NIE.

Die man moet dus sy heerskappy reg gebruik. Dit mag nie losgemaak word van Christus en van God nie. Dit moet altyd liefdevolle heerskappy bly. Die vrou moet haar in gehoorsaamheid aan haar man onderwerp.

**Slotsom**

Die herskepping heilig en herstel dit wat oorspronklik was. Die man bly hoof van die vrou. Die vrou bly onderworpe aan haar man. Man en vrou bly steeds afhanklik van mekaar. Man en vrou is in die herskepping gelykwaardig voor God.

# HOOFSTUK 11: EIEWILLIG OF OORDEELKUNDIG?

Daar is 'n groot verskil tussen die vraag na 'n eie oordeel en die vraag na eiewilligheid. Die apostel verswak nie hiermee die voorafgaande uiteensetting nie. Die voorafgaande word geensins oopgestel vir bespreking nie. Dit was "paradosis", dit is evangelie en geïnspireer deur die Heilige Gees.

Paulus vra 'n retoriese vraag. Met hierdie vraag doen hy 'n beroep op die besef van die waarheid, wat by die lesers behoort te bestaan (Codet p. 76). In vers 13 word erkenning gevra vir die saak wat so pas bespreek is. Daar is eintlik net een antwoord. Die saak staan vas. Dit is nie betaamlik dat 'n vrou sonder hoofbedekking tot God bid nie. (Jager, p. 261).

Wanneer 'n vrou tot God bid behoort sy nie as gelyke van die man op te tree nie? God het man en vrou nie gelyk geskape nie. Dit moet voor die aangesig van die Here (in die erediens) gerespekteer word. (Van Bruggen, p. 76). Dit gaan hier om 'n finale appèl. (Parry, p. 116).

Grosheide (p. 299) sluit by die voorafgaande aan. In vers 3 begin Paulus sy betoog met 'n uitspraak wat nie op Christelike gronde te betwis is nie. In vers 7 belig Paulus hierdie probleem vanuit die skepping. In vers 13-15 word 'n beroep gedoen op die gesonde verstand van die Korinthiërs. Volgens Grosheide is die feit dat die saak: op drieërlei wyses aan die orde gestel word, 'n tweërlei bewys: i) Dat die saak allermins as 'n onverskillige (en eiewillige) saak gesien moet word. Die skeppingsverhoudinge mag nie aangetas word nie. ii) Blykbaar het die apostel Paulus teenstand verwag, veral van die vroue. Vergelyk byvoorbeeld die DAAROM in vers 10 met betrekking tot die vrou, teenoor die opdrag aan die man in vers 7.

Dit mag miskien vir die Korinthiërs, in die besonder vir die vroue, betaamlik, passend, geskik en reg wees om as gelyke van die man op te tree by bid of profeteer. Dit gaan egter nie om wat die vrou wil nie. Die vraag wat beantwoord moet word, is of dit betaamlik is voor God? Hieroor bestaan daar geen twyfel nie.

**[62]**

# HOOFSTUK 12: DIE NATUUR AS LEERMEESTER

Skrifverklaarders is nie eenstemmig oor die verklaring van die woord natuur nie. Groenewald (p. 143) betrek die woord op die algemene volkslewe. Vir Pop (239) gaan dit om weinig meer as die gewoonte van daardie tyd. Dié gewoonte dat die Joodse, Griekse en Romeinse mans hul hare kort geknip het, terwyl die vrou dit normaalweg lank gedra het. Die beroep van die apostel Paulus gaan alleen op solank as wat die gewoonte as natuurlik beleef word. Pop beweer: wie die natuur opvat as skeppingsordonansie, sal genoop word om hierdie sede vir man en vrou as bindend te ag. (vgl. ook Calvyn, p. 190).

Met die woord **phusis** (natuur) word die algemeen geldende orde (in die natuur, skepping) aangedui. (Baur, p. 877; Köster, 1978, p. 272; Longenecker, 1977, p. 386). Dit gaan om die normale, die gewone, dit wat in ooreenstemming met die wese van iets is.

Die woord kan nóg op die sedelike besef, nóg op die vaste gewoonte dui. Uit vers 15 is dit duidelik dat Paulus dink aan die natuurlike gesteldheid van die man en die vrou (Codet, p. 512). In aansluiting hierby voer Jager (p. 261) aan: "Iedereen moet toestemmen dat lang haar een man niet staat. Er morgen andere tijden zijn, altijd dringt dit inzicht toch weer naar voren. Omgekeerd word algemeen ingezien, dat lang haar een vrouw siert, het past bij haar, het is haar een eer".

Die apostel handel nie hier oor die tweede bedekking of vergestalting van die Goddelike gesagsorde nie. Dit gaan hier om die eerste bedekking en wel as motivering (as antwoord op die vraag in vers 13) vir die tweede bedekking.

Dit is asof Paulus hiermee sê: As julle my nie glo nie, as julle die evangelie nie wil glo nie, kyk dan net om julle heen. Dan sal julle sien dat die man en die vrou anders is. Daar is sedert die skepping, 'n natuurlike onderskeid tussen die twee. Groenewald (p. 143) merk tereg op dat dit is asof die natuur ons vanself daarop wys, dat die man met onbedekte hoof en die vrou met bedekte hoof moet bid of profeteer.

Soos die vrou dus van nature onderskei word van die man deur lang hare, soveel te meer dien die hoofbedekking (tweede) as onderskeidingsteken, dat die vrou haar onderskei in onderworpenheid aan die Goddelike gesagsorde, by name aan haar man.

Die gebod van God is 'n sleutel wat by die werklikheid pas. Wat 'n heerlike eenheid en harmonie is daar nie tussen natuur en genade nie. Die natuur hef nie die genade op nie. Die genade hef ook nie die natuur op nie. Die genade sluit juis by die natuur aan.

[63] Met onverskilligheid word hierdie verse gerelativeer as blote gewoonte en tradisie. Dit sou hoort tot 'n ou boek in 'n nuwe wêreld. Daar word aangevoer dat Paulus 'n nasireër van God was en dat hy sy hare moontlik langer as die mans van die twintigste eeu gedra het.

Hierteenoor moet opgemerk word dat die punt waarom dit gaan, nie is hoe lank die hare gegroei het nie, maar hoe die hare gedra is. Die onderskeid tussen man en vrou mag NOOIT uitgewis word nie. Die vrou het haar hare lank gedra, veel sorg daaraan spandeer en dit was vir haar 'n eer. Die man wat dieselfde as die vrou gedoen het, het gevaar geloop om as verwyfd aangesien te word. (Van Bruggen, p. 79).

Waarom is dit OOK vandag onaanvaarbaar dat 'n man sy hare lank dra SOOS 'n vrou? Waarom bly dit 'n verdagte en oneervolle saak. Omdat dit in stryd met die natuur is. Die natuurlike onderskeid tussen man en vrou word in gedrang gebring, (Van Bruggen, p. 79). Teen alle agitasie vir rol-vervaging en emansipasie en gelykheid in, staan die onderskeid tussen man en vrou onwrikbaar vas.

# HOOFSTUK 13: DIE GEWOONTE OM TE TWIS

Sekere skrifverklaarders is van mening dat die woord vir gewoonte geensins dui op twisgierig wees, tot in die oneindigheid redekawel oor hierdie saak nie. Codet (p. 515) voer aan dat die onbedekte hoofde van die vroue in die erediens die enigste gewoonte is waarvan in die verband sprake kan wees. Paulus wil sê dat nóg hy, nóg die gemeentes van God 'n ander praktyk het as juis dit wat hy aan hulle voorgeskryf het (vgl. ook Van Bruggen, p. 76 e.v.)

Calvyn (p. 190) merk weer op dat dit nie om die hoofbedekking gaan nie, maar om 'n praktyk van twisgierigheid.

Die referent is van mening dat sowel Codet (p. 515) as Calvyn (p. 190) 'n punt beet het. Dit gaan in die eerste plek om 'n onvergenoegde gees van twisgierigheid. Dit is nie eie aan die gemeentes van God nie. Dit mag dus nie. Die gemeentelede moet hulle neerlê by dit wat Paulus aan hulle geskrywe het.

Waaroor het Paulus aan die Korinthiërs geskrywe? Oor die verhouding man en vrou, oor die uiterlike vergestalting van hierdie verhouding binne die Goddelike gesagsorde (in die erediens). Hiermee lê Paulus die twisgieriges oor hierdie saak die swye op. Die saak staan vas: Elke vrou wat bid of profeteer moet haar hoof bedek.

[64]

# HOOFSTUK 14: KONKLUDERENDE OPMERKINGS

14.1 Die uitgangspunt van hierdie perikoop is geleë in vers 3. Dit handel oor die verhouding man en vrou binne die Goddelike gesagsorde.

14.2 Die getroude vrou staan onder die hoofskap van haar eie man.

14.3 Dit is nie sonder meer duidelik of die ongetroudes uitgesluit is van hierdie opdrag van die apostel Paulus nie.

14.4 Die hoofbedekking vervul 'n baie belangrike funksie. Dit dien die verhouding man en vrou.

14.5 Die apostel Paulus maak melding van 'n tweërlei bedekking nl. die hare as eerste bedekking en 'n vreemde voorwerp op die kop, naas die hare, as tweede bedekking.

14.6 Dit gaan in hierdie perikoop om die innerlike aanvaarding van die hoofskap van die man, maar ook om 'n uiterlike vergestalting, wat betuig dat dié saak aanvaar word.

14.7 Hierdie uiterlike voorskrif (die tweede bedekking) is SLEGS van toepassing op die openbare erediens. Sowel binne die erediens as daarbuite geld die beginsel (vers 3) wat die verhouding tussen man en vrou reël.

14.8 By die verklaring van die Heilige Skrif moet steeds rekening gehou word met die tydgerigtheid en universaliteit van die Godsopenbaring.

14.9 Die prediking van die apostel Paulus is nie tydgebonde nie, maar tydgerig. Dit sluit aan by die gewoontes en sedes van daardie tyd. Dit is in die eerste plek gerig tot die gemeente van Korinthe in haar besondere omstandighede.

14.10 Alhoewel Paulus aansluit by die gewoontes van sy tyd, neem hy dit nie nét so oor nie. Hy gee daaraan 'n eie unieke, Christelike inhoud. Daarom kan die hoofbedekking as 'n eie Christelik onderskeidingsteken beskou word.

14.11 Die prediking van die apostel is **paradósis** of oorlewering. Dit is die evangelie van Jesus Christus. Daarom is dit ook universele prediking wat vandag nog gesagvol spreek. Dit reël ook die verhouding man en vrou ook in die twintigste eeu.

4.12 Die hoofbedekking mag nie buite rekening gelaat word in hierdie gedeelte nie. Die hoofbedekking is evangelie, Dit verkondig Christus en Hom as Middelaar, wat die oorspronklike verhouding tussen man en vrou herstel het

14.13 Die voorskrif rakende die hoofbedekking van die vrou en die regte verhouding tussen man en vrou is vandag nog van toepassing op die Kerk van Jesus Christus.

**[65]**

# BIBLIOGRAFIE


1. Anon. 1976. The Layman's Parallel New Testament King James Version. The Amplified New Testament, Revised Standard Version. Grand Rapids, Michigan, Zondervan Bible Publishers. 943 p.

2. Baur, W. 1974. A Greek English Lexicon of the New Testament and other, early Christian literature. Translated and edited by Arndt, W.F. and Gingrich, F.W. London. The University of Chicago Press 909 p.

3. Behm, J. 1964, hérmeneuó (In T.D.N.T. II: 661-666).

4. Bigelow, M.S. 1970. Fashion in History. Minneapolis, Minnesotha. Burgess Publishing Company. 342 p.

5. Blass, F. and Debrunner, A. 1973. A Greek Grammar of the New Testament and other early Christian Literature, Translation and Revision by Funk, R.W. London. The University of Chicago Press. 325 p.

6. Brown, C, Munzer, K. 1976, Képhalé (In N.I.D.N.T.T. 2:156-163).

7. Bruce, F.F. 1977a. First Epistle to the Corinthians. (In The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible, 1:964-972).

8. Bruce, F.F. 1977b. Paul Apostle of the Free Spirit. Exeter. Paternoster Press. 491 p.

9. Büchsel, F. 1973. Paradidómi. (In T.D.N.T. II: 169-173).

10. Bultmann, R, 1976. Aischynó. (In T.D.N.T. I: 189-191).

11. Calvyn. J. 1967. Die Institusie van Calvyn. Opnuut in Afrikaans vertaal en verkort weergegee deur Duvenage, A. Potchefstroom. Pro Rege. 550 p.

12. Calvyn, 1970. De Handelingen der Apostelen. Opnieuw uit het Latyn vertaald door Wielenga, G. Tweede deel. Tweede Druk. Goudriaan. WA de Groot. 500 p.

13. Calvyn, J. 1972. Uitlegging op de Zendbrieven. (Romeine, I en II Korinthiërs) Goudriaan, WA de Groot. 440 p.

14. Christian Reformed Church. 1973. Acts of Synod. Grand Rapids, Nudugan Board of Publications of the Christian Reformed Church. (vgl. P. 557-561) 768 p. June 12-22.

15. Christian Reformed Church. 1978. Acts of Synod. Grand Rapids, Nudugan Board of Publications of the Christian Reformed Church. 672 p. June 13 to 22.

16. Coetzee, J.C 1975. Die Blye Boodskap. I. Die Briewe van Paulus. Potchefstroom. Pro Rege. 110 p.

17. Coetzee, J.C 1977. Vrouehoede in die erediens. WOORD EN DAAD. 17 (181): 8-11 Sept

18. Coetzee, J.C 1978(?) Openbaring 2:1-7. Nuwe Testament Eksegese. Potchefstroom. (Ongepubliseerd) 26 p.

19. Coetzee, J.C. 1979a. Die prediking van die evangelie van Johannes. Potchefstroom. (Ongepubliseerd) 43 p.

20. Coetzee, J.C. 1979b. "'n Ou boek in 'n nuwe wêreld of 'n nuwe boek in 'n ou wêreld?" IN DIE SKRIFLIG. 13 (49): 4-15 Maart

21. Coetzee, J.C: De Klerk, BJ. & Floor, L 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. IN DIE SKRIFLIC. 14(54): 12-26. Junie.

22. Conzelmann, H. 1969. Der erste Brief an die Korinther. Göttingen. Van den Loeck en Ruprecht. 361 p.

23. d'Assonville, V.E. 1973. Die Geskeurde Gordyn. Potchefstroom. Cachet-Publikasie-komitee. 266 p.
24. Dijk, K. 1933. De vrouw in die Brieven van den Apostel Paulus. Delft Bond van meisjesvereenigingen op Gereformeerd Grondslag in Nederland. 107 p.
25. Du Toit, A.B. 1970. Eksegese van die Sinoptiese Evangelies. HERMENEUTICA Ere-bundel aangebied aan Prof. Dr. E.P. Groenewald bv. geleentheid van sy 65e verjaardag, 2 Junie 1970. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel: 65-101.
26. Edersheim, A. Ongedateerd. Sketches of Jewish Social Life in the Days of Christ. New York Hodder and Stoughton. 342 p.
27. Friedrich, G. 1975. Prophetés. (In T.D.N.T. VI: 781-861).
28. Foerster, W. 1973. Exousia. (In T.D.N.T. II: 566-574).
29. Gereformeerde Kerk in S.A. Klassis Potchefstroom. 1978. 87e vergadering in die Senaatsaal. P.U. vir CH.O. Art. 9, 25, 27, 30, 32, 33, 34. Bylaag 27. 4 April.
30. Gereformeerde Kerk Pretoria Magalieskruin. Ongedateerd. Kommissierapport. Pretoria. (Ongepubliseerd).
31. Codet, F. 1904. Kommentaar op Paulus' eersten brief .aan de Corinthiers. Uit de Fransch vertaald door Keizer, C. Kampen. Kok, JH 843 p.
32. Greijdanus, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring en historisch oversicht over Theorieën en wijzen van Schriftuitlegging. Kampen; JH Kok, 224 p.
33. Groenewald, E.P. 1938. Die Eksegese van die Nuwe Testament. Inougorele rede. Die Teologiese Fakulteit Afdeling B. Pretoria. Universiteit van Pretoria. 7 September, 18 p.
34. Groenewald, E.P. Ongedateerd. DIE EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTHIËRS. Kaapstad-Pretoria. N.G Kerk-Uitgewers. 237 p.
35. Groenewald, E.P. 1969. Krisis in die interpretasie van die Nuwe Testament. DIE NED. GEREF. TEOLOGIESE TYDSKRIF. X(1): 2-12. Jan.
36. Grosheide, F.W. 1929. Hermeneutiek ten dienste van de bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam. H.A. van Bottenburg. 252 p.
37. Grosheide, F.W. 1937. Theologische Exegese. GEREFORMEERD THEOLOGISCH TIJDSCHRIFT. Jan. 38(1): 5-18.
38. Cuthrie,. 1974. New Testament Introduction. London. Intervarsity Press. 105 p.
39. Harris, M.J. 1978. Anti. (In N.I.D.N.T.T. 3: 1179).
40. Hillen, M. Th. 1926. De Grieksche Cultuur. Zutphen. W.J. Thieme & Cie. 348 p.
41. Hommes, N.J. 1951. De Vrouw in de Kerk. Franeker. T, Wever. 189 p.
42. Hovius, J. 1950, De Positie van die Vrouw in Christus' Kerk. Sneek. Firma B. Weissenbach en Zoon. 42p.
43. Huls, G. 1951. De dienst der vrouw in de Kerk. Een onderzoek naar de plaats der vrouw in een Presbyteriale Kerkorde. Wageningen. H. Veenman & Zonen. 204 p.
44. Jager, H.J. 1978. De eerste Brief aan de Korinthiërs. College Diktaat. Kampen. Copieerinrichting v.d. Berg. Broederweg 6. 416 p.
45. Kamphuis, J. 1966. Van den Beginne. DE REFORMATIE. 41 (27): 210-211. April, 2.
46. Kamphuis, J. 1966. Een gezelschap van zijns gelijke. DE REFORMATIE. 41(28): 219. April 9.
47. Kamphuis J. 1966. De Mens. DE REFORMATIE. 41(29): April, 16.

48. Kamphuis, J. 1966. De mens in zonde. DE REFORMATIE. 41 (30): 235-236. April, 23.

49. Kamphuis, J. 1966. Waar ligt de zwarigheid? DE REFORMATIE. 41 (31): 243. April, 30.

50. Kamphuis, J. 1966. Sara's dochters 1. DE REFORMATIE. 41(32): 250-251. Mei 7.

51. Kamphuis, J. 1966. Sara's dochters 11. DE REFORMATIE. 41 (33): 259-261. Mei, 14.

52. Kamphuis J. 1966. Sara's dochters III (Slot). DE REFORMATIE. 41 (34): 267-268. Mei, 21.

53. Kamphuis J. 1966. In het licht van de komende dag. I. DE REFORMATIE 41 (39): 306-307. Junie, 25.

54. Kamphuis J. 1966. In het licht van de komende dag II. DE REFORMATIE 41 (40): 314-315 Julie, *2.*

55 Käsemann, E. 1969. New Testament Questions of today. London SCM. Press. 305 p.

56. Köster, H. 1978. phusis. (in T.D.N.T. IX: 251-277).

57. Kraus, H.J. 1977. Calvin's Exegetical Principles. INTERPRETATION. A Journal of Bible and Theology. XXXI (1): 8-18. Jan.

58 Kuiper, K 1920. De Atheense Vrouw. Haarlem. H.D. Tjeenk Willink & Zoon. 112 p.

59. Ladd, G.E. 1977. A Theology of the New Testament. Grand Rapids. Michigan. W.B. Eerdmans Publishing Company. 661 p.

60. Laver, J. 1965. Fashion from the ancient Egypt to the Present Day. London. Paul Hamlyn.

61. Lesterand Kerr. 1977. Historic Costume. Seventh Edition. Illinois. Chas. A Bennet Co. Inc. Peoria. 312 p.

62. Link, H.G. 1978. Aischyné. (N.I.D.N.T.T. 3: 562-564).

63. Loader, J.H. Ongedateerd. Ou Testamentiese perspektiewe ten dienste van die besinning oor die vrou in die kerklike amp. H.T.S. 34 (78)3: 24-35.

64. Longenecker, R.N. 1977. Nature, Natural. (in THE ZONDERVAN PICTORIAL ENCYCLOPEDIA OF THE BIBLE. 4:386).

65. Mackendrik, P. 1968. The World of Pericles GREECE AND ROME BUILDERS OF OUR WORLD. Washington National Geographic Society. D.C. Book Service: 113-184.

66. Malan, C.J. 1977. 'n Bedekking vir my Hoof. GEREFORMEERDE VROUEBLAD. XXX(3): 10-11. Aug.

67. Miller, W. 1941. Greece and the Greeks. A Survey of Greek Civilization. New York. The Macmilian Company. 508 p.

68. Morris, L. 1960. The First Epistle of Paul to the Corinthians. Tyndale NewTestament Commentaries. London. The Tyndale Press. 249 p.

69. Müller, J.J. 1974. Die brieweskat van Paulus. Elsiesrivier Nasionale Boekdrukkery. Beperk. 128 p.

70. Mundle, W. 1976. Kaluuptó. (In N.I.D.N.T.T. 2:212-213).

71. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1978. Agenda van die vyfde vergadering van die Algemene Sinode. Woensdag 18/10/78 en volgende dae. Bylaag 21,22. Bloemfontein. N.G. Sendingpers. 782 p.

72. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1978. Handelinge van die vyfde vergadering van die Algemene Sinode. Woensdag 18 Oktober 1978 en volgende dae. 1143 p.

73. Nun, H.P.V. 1969. A Short Syntax of New Testament Greek. Cambridge University

Press. 180 p.

74. Oepke, A. 1976a. Anér. (In T.D.N.T. I: 360-363).

75. Oepke, A. 1976b. Guné. (In T.D.N.T. I: 776-789).

76. Oepke, A. 1976c. KataKaluptó. (In T.D.N.T. III: 561-563).

77. Parry, R.S.J. 1916. The First Epistle of Paul the Apostle to the Corinthians. London Cambridge University Press. 213 p.

78. Payne, B. 1965. History of Costume. New York. Harper & Row Publishers.

79. Peisker, C.H. 1978. Prophétés. (In N.I.D.N.T.T. 3:74-84).

80. Pop. F.j. 1971. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. 2e Druk Nijkerk. Uitgeverij G.J. Callenbach. N.V. 432 p.

81. Popma, K.J. 1950. Eerst de Jood, maar ook de Griek. Franeker. T. Wever. 269 p.

82. Ridderbos, H. 1973. Paulus. Ontwerp van zijn Theologie. Kampen. J.H. Kok. 653 p.

83. Ridderbos,J.1935.0verdeuitleggingderHeiligeSchrift. BIJBELSCH HANDBOEK I: 365-423.

84. Schönweiss, H. 1976a. Proseuchomai. (In N.I.D.N.T.T. 2: 861-875).

85. Schönweiss, H. 1976b. Aiteó. (!n N.I.D.N.T.T. 2: 855-859).

86. Snyman, WJ. 1977. Die vryheid van eksegese. NUWE EN OU DINGE. Potchefstroom. Pro-Rege. p. 144-165.

87. St. John, J.A. ongedateerd. The History of the Manners and Customs of Ancient Greece. Vol. II. New York/London/Washington. Kennikat Press. 433 p.

88. Strack, H.L und Bilierbeck, P. 1926. Die Briefe des Neuen Testaments und die offenbarung Johannes erläutert aus Talmud und Midrasch. Munchen. C.H. Bech'sche Veslagsbuchhandlung. 857 p.

89. Van Bruggen, j. 1975. Emancipatie en Bijbel. Kommentaar uit 1 Kor. 11 Amsterdam. Ton Bolland. 101 p.

90. Van Graan, E.M. 1979a. Die verheerliking van God deur die Vrou in die Erediens. Eerste aflewering. DIE KERKBODE. 131 (CXXIV) 18: 558-559,562. Okt. 31.

91. Van Graan, E.M. 1979b. Die verheerliking van God deur die Vrou in die Erediens. Slotaflewering. DIE KERKBODE. 131 (CXXIV) *IV,* 652-66. Nov.,21.

92. Van Hartingsveld, L1977. Het huwelijk in het Nieuwe Testament. 'S-Gravenhage. Boekencentrum. 176 p.

93. Van Unnik, W.C. 1947. Hedendaagsche Problemen in de Nieuw-Testamentische wetenskap. Nijkerk. 31 p.

94. Van Unnik, W.C. 1963. With unveiled face. NOVUMTESTAMENTUM. VI: 153-169.

95. Van Wyk, G.J. 1978. Die sendingmetode en sendingproblematiek van die apostel Paulus teen die agtergrond van die Joodse Diaspora. Nuwe Testamentiese Kanoniek. Werkstuk Th. B. ll en Kandidaats, Potchefstroom. Ongepubliseerd 15 p.

96. Van Wyk, J.H. 1980. Ekskurs oor 1 Kor. 11:2-16. Stellenbosch. Ongepubliseerd 4 p.

97. Velema, W.H. 1971. Aangepaste Theologie. Amsterdam. Buijten en Schipperheijn. 180 p.

98. Vorländer. H. 1976. Anér. (In N.I.D.N.T.T. 2:562-563).

99. Vorster, W.S. 1977. 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld – gedagtes rondom die interpretasie

van die Nuwe Testament. Intreerede. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika. 28 p.

100. Vorster, W.S. 1979. Moderne eksegese van die Nuwe Testament. 'n Ondermyning van die Skrifgesag. 35 (1,2): 119-130.

101. Wenham, J.W. 1973. The elements of New Testament Greek. Cambridge University Press. 267 p.

102. Wilcox, R.T. 1954. The Mode in costume. New York. Charles Scribner's Sons. 419 P-

103. Wilson, LM. 1938. The Clothing of the Ancient Romans. Baltimore. The Johns Hopkins Press. 178 p.

**AFKORTINGS**

H.T.S. — Hervormde Teologiese Studies

T.D.N.T. — Theological Dictionary of the New Testament

N.I.D.N.T.T. —The New International Dictionary of New Testament Theology.